

BOEDEL- EN INKOMSTEBEPLANNING

d e u r

DIRK CORNELIUS ODENDAAL B.COMM.(HON.) C.A.(S.A.).

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening
aan die vereistes vir die graad

MAGISTER COMMERCII

in die

FAKULTEIT VAN EKONOMIESE WETENSKAPPE

van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS
POTCHEFSTROOM

Onder leiding van prof. J. H. ELS.

Januarie 1974.

INHOUDSOPGAWE.

HOOFSTUK 1.

INLEIDING.

- A. ALGEMENE INLEIDING.
- B. PROBLEEMSTELLING.
- C. INDELING VAN SKRIPSIE.

HOOFSTUK 2.

METODES VAN BOEDELBEPLANNING.

- A. INLEIDING.
- B. VEREISTES VAN BOEDELBEPLANNING.
- C. METODES VAN BOEDELBEPLANNING.

1. DIREKTE BEPLANNINGSMETODE.

- (a) Stigting van 'n trust.
 - (i) Bates van die trust.
 - (ii) Administrateurs.
 - (iii) Begunstigdes.

- (b) Maatskappye.
 - (i) Bates.
 - (ii) Aandeelhouding.
 - (iii) Piramiede vorming.

2. UITGESTELDE BEPLANNINGSMETODE.

- D. SAMEVATTING.

HOOFSTUK 3.

TESTAMENT EN INTESTATE ERFOPVOLGING.

- A. INLEIDING.

B. INHOUD VAN TESTAMENT.

1. HERROEPING VAN VORIGE TESTAMENT.
2. BENOEMING VAN 'N EKSEKUTEUR.
3. BEMAKING.
 - (a) Bemaking aan gade.
 - (b) Skepping van 'n trust.
 - (c) Annulleering.

C. INTESTATE ERFOPVOLGING.

1. INLEIDING.
2. WAT DIE LANGSLEWENDE GADE ERF.
 - (a) Indien binne gemeenskap van goed getroud.
 - (b) Indien buite gemeenskap van goed getroud.
3. WAT DIE NAGESLAG ERF.
4. WAT DIE ANDER FAMILIE ERF, INDIEN DAAR GEEN NAGESLAG IS NIE.

D. SAMEVATTING.

HOOFSTUK 4.

BOEDELBATES.

A. INLEIDING.

B. BOEDELBATES.

1. VERSEKERINGSPOLISSE.
2. ROERENDE GOED.
3. BELEGGINGS.
 - (a) Maklik realiseerbare beleggings.
 - (b) Aandele.
4. ONROERENDE EIENDOMME.

5. BESIGHEIDSONDERNEMINGS.

C. SAMEVATTING.

HOOFSTUK 5.

INKOMSTEBEPLANNING.

A. INLEIDING.

B. NOODSAAKLIKHEID VAN INKOMSTEBEPLANNING.

C. BEPLANNING VAN BELEGGINGS.

1. VASTE RENTE SEKURITEITE.
2. AANDELEBELEGGING.

D. VERSEKERING EN UITTRESKEMAS.

1. VERSEKERING.
2. UITTRESKEMAS EN ANNUITEITE.

E. SAMEVATTING.

HOOFSTUK 6.

INKOMSTEBEPLANNING DEUR MIDDEL VAN MAATSKAPPYE.

A. INLEIDING.

B. BESIGHEIDSONDERNEMINGS.

1. BASIESE KENMERKE VAN DIE TIPE MAATSKAPPYE.
2. VERKLARING VAN DIVIDENDE.
3. BETALINGS VAN RENTE OP LENINGSREKENINGE.
4. BETALING VAN DIREKTEURSVIRGOEDING.

C. NADELE VAN DIE METODE.

1. WINSTE VAN DIE MAATSKAPPY,

2. REDELIKE VERGOEDING.

3. ANDER INKOMSTE.

D. SAMEVATTING.

HOOFSTUK 7.

ALGEMENE SAMEVATTING.

A. BOEDELBEPLANNING.

1. INLEIDING.

2. STAPPE VIR BOEDELBEPLANNING.

- (a) Bates.
- (b) Laste.
- (c) Boedelbelasting.
- (d) Begunstigdes.
- (e) Kontant posisie.
- (f) Beplanningsmetode.
- (g) Testament.

3. HERSIENING.

B. INKOMSTEBEPLANNING.

1. INLEIDING.

2. ANDER METODEDES.

3. SAMEVATTING.

OPSOMMING IN ENGELS.

BYLAES.

HOOFSTUK 1.

INLEIDING.

A. ALGEMENE INLEIDING.

Ons leef vandag in 'n vinnige snel veranderende wêreld. Op elke gebied word vooruitgang gemaak, nuwe verbeterde tegnieke word ontdek, verbeterde produksiemetodes word in gebruik geneem, tesame met die huidige voorspoed word die inflasieprobleem al groter. Die owerhede regoor die wêreld stel inflasiebeheermaatreëls in soos : beheer oor pryse, lone, in-en-uitvoere, rentekoerse, gebruikmaking van belasting, en dies meer. As gevolg van hierdie beheermaatreëls, die verhoogde produksie wat gehandhaaf moet word om te vergoed vir die nuwe produksiemetodes wat ingestel is, en die geweldige styging van produksiekoste en ander koste, het dit noodsaaklik geword vir elke onderneming, elke sektor in die ekonomie om 'n deeglike ondersoek te doen in die prysbeleid, moontlikhede vir besparing of vermindering in koste en uitgawes, om sodoende die maksimum wins te behaal.

Net soos elke onderneming sy eie omstandighede moet ondersoek om die maksimum wins te behaal, moet elke individu sy eie persoonlike bronne en moontlikhede ondersoek om vir homself die maksimum voordeel te kry.

B. PROBLEEMSTELLING.

Die belastingstruktuur van vandag is hoog, maatskappye betaal feitlik die helfte van die netto wins wat gemaak is aan belasting, terwyl individue se belastingskaal progressief styg tot in die omgewing van driekwart van die inkomste wat verkry word na 'n sekere kerf. Die inkomste wat oorbly nadat belasting betaal is, is die waarmee die onderneming moet uitbrei en die individu van moet leef. Op feitlik elke artikel wat gekoop word, moet weer belasting betaal word. Op die inkomste wat belê is, moet ook weer inkomstebelasting betaal word, by die afsterwe moet daar boedelbelasting betaal word.

Om al hierdie genoemde redes, het dit nodig geword dat 'n individu sy boedel sowel as sy inkomste moet beplan. Dat hy gebruik moet maak van die moontlikhede wat daar is om vir homself die maksimum voordeel te behaal. Vir die doel van hierdie studie gaan dit besonder oor die beplanning van die individu se boedel en ook die beplanning van sy inkomste.

C. INDELING VAN SKRIPSIE.

Die skripsie sal in twee dele verdeel word. Die eerste deel sal handel oor die beplanning van boedels, terwyl die tweede gedeelte oor die beplanning van inkomste sal handel.

In hoofstuk 2 sal die verskillende metodes van boedelbeplanning bespreek word. Hoofstuk 3 sal handel oor testamente en die wyse waarop bates vererf indien geen testament opgestel is nie. In hoofstuk 4 sal verwys word na die verskillende tipes bates wat moontlik in 'n boedel is.

Hoofstukke 5 en 6 sal handel oor die tweede deel, naamlik inkomstebeplanning. Hoofstuk 5 sal handel oor die noodsaaklikheid van inkomstebeplanning en van watter metodes gebruik kan word om die maksimum opbrengs te kry, terwyl hoofstuk 6 sal handel oor hoe maatskappye gebruik kan word om die inkomste te beplan.

Ten slotte sal hoofstuk 7 'n algemene samevatting bevat van boedel- so wel as inkomstebeplanning.

HOOFSTUK 2.

METODES VAN BOEDELBEPLANNING.

A. INLEIDING.

In die verlede is die saak van boedelbeplanning feitlik algeheel geïgnoreer. Ons ouers en voorouers het blykbaar nie geweet dat 'n persoon sy boedel kan beplan nie. Selfs vandag lê die veld nog braak. Die meeste van die individue het die gedagte dat, om genoeg lewensversekering te hê, voldoende is om vir sy nage-late familie te sorg. Geen verdere aandag word bestee aan sy boedel nie. Die gevolg van die belangeloosheid of onkunde bring mee dat die persone in latere jare afhanklik word van hulle kinders, familiebetrekkings, staatshulp en hulp van sosiale organisasies. Dit plaas 'n geweldige las, finansieël en andersyds, op die naasbestaandes van die afhanklike, die staat en ander organisasies. Boedelbeplanning is dus nie net finansieël van aard nie, maar is grootliks ook 'n sosiale probleem.

Die vernaamste doeleindes van boedelbeplanning is seker die vervulling van die wense van die beplanner. Hy probeer om in die behoeftes van sy familie en afhanklikes te voorsien, asook om uit die gebruik van sy bates, die maksimum voordeel te kry gedurende sy leeftyd, en daarna vir sy afhanklikes. Daar kan nie vir 'n langtermyn behoefte voorsien word sonder om oorweging te skenk aan die moontlikheid van 'n langdurige bestaan van die betrokke bate nie. Om vir die toekomst te beplan; vir die aftreedag, by dood of by vroeëre ongeskiktheid; om vir die moontlikhede voorsiening te maak van gereelde en voldoende inkomste om van te lewe en genoeg fondse te hê vir moontlike ander uitgawes, en dies meer, word dit daarom noodsaaklik dat alle persone hul boedels moet beplan.

Boedelbeplanning skep die voordeel dat dit nie net alleen vir die toekomstige moontlike gebeurlikhede voorsien nie, maar dat die maksimum voordeel uit die beskikbare bronne en bates verkry kan word. Maksimum voordeel beteken nie om die minimum inkomstebelasting en boedelbelasting te betaal nie. Die besparing van belasting moenie die hoofdoel wees van die beplanner nie, dan is dit nie meer boedelbeplanning nie.

A. Fine (Referaat gelewer tydens die vierde somerskool van die Transvaalse Genootskap van Rekenmeesters 1968, bladsy 1) definieer boedelbeplanning as "The arrangement of an individual's affairs to ensure that the best possible provisions are made for his and his families requirements during his lifetime and for the needs of his wife, family and dependants after his death". Daar bestaan nie 'n standaard boedelbeplanning wat paslik is vir elke individu of afhanklike-groep nie. Gevolglik moet elke geval in die lig van die besondere omstandighede, doelstellings en vereistes van die individu oorweeg word. Dit sluit die ouderdom, rykdom, huwelikstaat en afhanklikes in.

By 'n jong getroude manspersoon is die vernaamste oorweging om genoegsame voorsiening te maak vir die onderhouding van sy nagelate vrou en kinders, asook die opvoeding van laasgenoemde, indien 'n vroeë dood intree. By 'n reeds gevestigde manspersoon is die oorweging om genoegsame likwiede fondse te hê om die nie-winsgewende verkoop van bates by afsterwe die hoof te bied. Vir die persoon wat reeds of amper die aftree-ouderdom bereik, is die oorweging om voldoende voorsiening vir homself en sy eggenote te maak en sy ander bates te bemaak aan sy kinders. Hieruit blyk dit dat elke individu se vereistes verskillend is, maar dat daar 'n paar basiese vereistes is by enige beplanning van 'n boedel waaraan voldoen moet word.

B. VEREISTES VIR BOEDELBEPLANNING.

Boedelbeplanning hou die volgende sake in :

1. TESTAMENT.

'n Behoorlike geldige testament moet opgetrek word, wat voldoen aan die vereistes wat die Wet op Testamente (Wet op Testament No. 7 van 1953, Art. 2-6) daarstel.

2. EKSEKUTEURS EN ADMINISTRATEURS.

Geskikte en bekwame persone behoort benoem te word ten einde aan die begeertes en bedoelinge van die afgestorwene uitvoering te gee.

3. VOLDOENDE INKOMSTE.

Daar moet voldoende voorsiening gemaak word om in die finansiële behoeftes van die nagelate familie in te voorsien.

4. BOEDELBELASTING EN TESTAMENTÊRE BEMAKINGS.

Genoegsame voorsiening moet gemaak word om te voorsien aan die eise van boedelbelasting en testamentêre bemakings.

Verdere oorwegings waaraan aandag gegee moet word by die beplanning van die boedel, is :

5. DIE POSISIE VAN DIE EGGENOTE.

Sommige mans is van mening dat indien hulle vir hul eggenote 'n waardevolle boedel nalaat, sy die prooi gaan wees van fortuinsoekers. Sommige vroue is nie by magte of in staat of op hoogte van alle moontlike en voordelige beleggings wat gemaak kan word nie.

Die ou spreekwoord van "erfgeld is swerfgeld" kan ook hier aangehaal word. Sommige erfgename kan nie oordeelkundig met hulle erflating werk nie, met die gevolg dat binne 'n paar maande die hele erflating uitgeleef is en sit die erfgename met geen inkomste nie.

6. BESONDERE VEREISTES VAN ERFGENAME.

Met die beplanning van die boedel moet die besondere omstandighede van die toekomstige erfgename ingedagte gehou word. Byvoorbeeld, indien daar 'n plaas of 'n besigheid in die boedel is, sal sommige erfgename eerder verkies om te boer en sal derhalwe die plaas wil erf, terwyl ander weer eerder sal wil aangaan met die besigheid. Die finansiële posisie van die erfgename moet ook ingedagte gehou word.

7. DIE AARD VAN DIE BOEDEL.

Die samestelling van die boedel sal verskil van individu tot individu. Die klein boedel sowel as die hoogs ingewikkelde boedel wat bestaan uit aandele in publieke en/of privaat maatskappye, besighede, beleggings, vruggebruike, vaste eiendom en nog vele meer, moet deeglik ontleed word alvorens die

boedel beplan kan word.

8. BOEDELBELASTING.

Boedelbelasting is nog 'n saak wat nie uit die oog verloor mag word nie. Omrede boedelbelasting 'n aansienlike bedrag mag beloop, moet daar vir genoegsame kontant voorsiening gemaak word vir die betaling van die belasting om moontlike onwingsgewende verkoop van bates te vermy.

C. METODES VAN BOEDELBEPLANNING.

Basies is daar slegs twee metodes om 'n boedel te beplan. Die eerste metode is die direkte plan, waar die boedel beplan word gedurende die leeftyd van die beplanner. Die tweede metode is die uitgestelde plan wat normaalweg eers in werking tree na die afsterwe van die beplanner. Die beplanning word deur middel van 'n testament in werking gestel. Volgens die boek "How to save tax", gepubliseer deur Mini-Publications (Anon - How to save tax; Mini-Publications; Johannesburg 1971, bladsy 115) word die volgende stelling gemaak: "All estate plans have about them an element of permanence. They cannot be easily undone once having been established, accordingly all other things being equal the deferred estate plan taking effect only after your death will be the more attractive". Om hierdie redes moet die beplanner genoegsame versigtigheid aan die dag lê en sy boedel deeglik beplan. Die voordeel van die direkte beplanningsmetode is daarin geleë dat dit die boedelbelasting kan beperk, die totale belasting wat gedurende die leeftyd van die beplanner betaal moet word, verminder en die verskillende belange tot 'n meer eenvoudiger boedel konsolideer wat weer ander uitgawes kan beperk.

1. DIREKTE BEPLANNINGSMETODE.

Die direkte beplanningsmetode kan nog verder onderverdeel word in twee tipes van beplanning, naamlik stigting van 'n trust (Inter vivos Trust) en beplanning deur middel van 'n maatskappy.

(a) Stigting van 'n trust.

'n Trust is niks meer as 'n ooreenkoms in terme waarvan die stigter van sy bates oordra aan administrateurs of trustees. Die administrateurs van die trust het die eiendomsreg oor die bates ten behoeve van die trust maar het geen persoonlike belang daarin nie. Hulle moet volgens die trustakte met die bates handel. In die trustakte word bepaal wie die administrateurs moet wees, wat die doeleindes van die trust is, die regte en verpligtinge van die administrateurs en die wyse waarop die inkomste en kapitaal uiteindelik aan die begunstigdes betaal moet word.

(i) Bates van die trust.

Die bates wat die stigter van die trust in die trust wil hê, kan óf deur hom deur middel van skenking aan die trust oorgedra word, óf die bates kan aan die trust verkoop word. By die stigting van die trust is dit nie nodig dat al die bates van die stigter aan die trust bemaak moet word nie. Slegs sekere bates wat die stigter in trust wil hou, kan bemaak of aan die trust verkoop word.

By die verkoping of oordrag na die trust, word die groei van daardie bates van die stigter van die trust beperk tot daardie bedrag wat die waarde by oordrag of verkoping aan die trust was. Die verdere groei in die waarde van die bates val na die begunstigdes toe. By die berekening van die beplanner se boedel word donasies deur hom gedurende sy leeftyd gemaak as 'n bate vir boedelbelastingdoeleindes beskou teen die waarde van die skenking op datum daarvan. (Wet no. 45 van 1955, soos gewysig, Artikel 5(1)E.) Dit bring mee dat die verdere groei van die bate, nà die datum van skenking, nie meer die waarde van die stigter se boedel verhoog nie. By die verkoop van die bates aan die trust, vorm die verkoopprijs 'n bate in die boedel van die stigter. Indien hierdie verkoop-

prys nie in waarde vermeerde nie, is die waarde van sy boedel beperk tot hierdie waarde. Enige verdere verhoging in die waarde van bates verkoop, is tot die voordeel van die begunstigdes in die trust. (Kyk Illustrasie I). Daar moet getel word op die feit dat indien die bates aan die trust geskenk word, die skenker (die stigter) donasiebelasting op die markwaarde moet betaal. (Inkomstebelastingwet 1962, soos gewysig, Art. 62(1)(d)). Om onnodige hoë donasiebelasting te beperk, kan die bates verkoop word, maar hier moet weer in gedagte gehou word dat die bates teen markprys verkoop moet word. Indien die prys van verkoping laer is as die markprys, sal daar op die verskil donasiebelasting betaal moet word. (Inkomstebelastingwet 1962, soos gewysig, Art. 58) Indien die verkoopprijs te hoog is, gaan die stigter boedelbelasting betaal op die hoër bedrag wat nie die werklike waarde van die bates is nie.

Die verkoopprijs van die bates is dan 'n bate in die boedel van die stigter. Die stigter moet die reg hê om te enige tyd 'n rentevrye lening van die trust te kan verkry asook gedeeltes van die verskuldigde verkoopprijs te kan oproep. Dit sal die voordeel hê dat die stigter addisionele fondse kan bekom, vry van belasting.

(ii) Administrateurs.

Die administrateurs is die persone wat aan die beheer van die trust staan. Die bates van die stigter van die trust, word oorgedra aan die administrateurs of trustees. Die administrateurs van die trust het eiendomsreg oor die bates ten behoeve van die trust, maar het geen persoonlike belang daarin nie. Die administrateurs van die trust word gewoonlik in die trustakte bepaal. Die stigter van die trust mag ook as administrateur of trustee optree.

In die trustakte word die regte en verpligtinge van die administrateur uiteengesit. Die administrateur moet ook 'n redelike onbelemmerde diskresie hê om met die bates van die trust te handel. Sodoende kan onvoorsiene omstandighede beter benut word.

(iii) Begunstigdes.

Die begunstigdes is die uiteindelijke erfgename van die stigter van die trust. Die trustakte bepaal wanneer die begunstigdes hulle deel uit die trust kan ontvang. Gewoonlik word elkeen se deel uitbetaal na die dood van die stigter of nadat die begunstigde 'n sekere ouderdom bereik het. Indien die administrateur sy eie diskresie kan gebruik by die verdeling van die bates van die trust kan elkeen van die begunstigdes se eie persoonlike omstandighede en vereistes, die administrateur help in die uitoefening van sy diskresie.

Illustrasie I.

Mnr. A. se enigste bates is sy aandele in private maatskappy A (Edms.) Bpk. wat R250 000 werd is. Die maatskappy maak jaarliks 'n netto wins na belasting van R50 000. Mnr. A. verkoop sy aandele aan die trust vir R250 000. Sy twee kinders is begunstigdes onder die trustakte. Hulle kan die kapitaalbedrag by sy dood of wanneer hulle die ouderdom van 27 jaar bereik, ontvang.

Mnr. A. se boedel is nou R250 000 werd waarop hy boedelbelasting van R30 750 moet betaal. Indien hy dit nie gedoen het nie, sou sy boedel sê na 5 jaar $R250\ 000 + 5 \times 50\ 000 = R500\ 000$ werd gewees het waarop hy R110 750 boedelbelasting moes betaal het. Deur die stigting van die trust het hy sy boedel bevries op R250 000 en R80 000 ($110\ 750 - 30\ 750$) boedelbelasting bespaar.

(Eie waarneming)

(b) Maatskappye.

'n Ander belangrike metode vir die beplanning van 'n boedel, is deur gebruikmaking van 'n maatskappy. Die beplanner konsolideer sy belange in een maatskappy. Die erfgename koop dan van die aandele in die maatskappy. Die aandele van die beplanner, asook die bedrag verskuldig aan die aandeelhouders vir die koopprys van die aandele vorm dan bates in sy boedel. Soos die bates groei, word die waarde van die aandele van die gestigde maatskappy meer en meer. Deur hierdie stap het die beplanner die groei van sy boedel beperk en dit oorgeplaas na die erfgename. Waar die groei eers beperk was tot die beplanner, het hy die groei nou verdeel onder sy erfgename en is die groei per individu heelwat laer. Op die wyse word ook die maontlike boedelbelasting minder.

(i) Bates.

By die stigting van 'n maatskappy sal die vereistes vir die bates waaroor die maatskappy moet beskik, dieselfde wees as in die geval wanneer 'n trust geskep word. Die verkoopprys waarteen die bates deur die maatskappy oorgeneem is, word as 'n lening aan die maatskappy beskou. Dié lening vorm 'n bate in die boedel van die beplanner. Die beplanner moet hom die reg voorbehou om te eniger tyd geldbedrae vanaf die maatskappy teen die lening te kan maak.

'n Probleem wat hier opduik, is dat die beplanner of die maatskappy op sekere van die bates wat vanaf die beplanner na die maatskappy oorgedra word, weer vir 'n tweede keer oordragkoste sal moet betaal, soos oordragkoste, hereregte, transportkoste, registrasies, ens., terwyl sekere van die koste, soos hereregte, nie weer betaal word indien die bates vererf nie. Die koste hiervan moet dus opgeweeg word teen die voordeel wat verkry kan word. (Wet op Hereregte, Wet No. 40 van 1949, Art. 9).

(ii) Aandeelhouding.

Een van die grootste probleme van die metode is die aandeelkapitaalstruktuur; hoe en op watter wyse moet die aandeelhouding wees.

Indien die beplanner slegs 10% van die aandeelhouding hou en sy erfgename die res, dan het die beplanner nie meer die beheerende belang in die maatskappy nie. Indien hy te veel aandele self hou, dan sal die hele plan van geen nut wees nie, want die doel van die maatskappy is om die groei van die aandeelwaarde te versprei oor 'n aantal persone, hoofsaaklik sy erfgename. 'n Moontlike oplossing is om die aandele in die maatskappy oor te dra aan 'n trust, wat dan by dood aan die erfgename nagelaat word. Hierdeur sal die beplanner sy beheer oor die maatskappy hou. Die groei van die bates is egter deur die trust in die hande van die erfgename.

(iii) Piramiede vorming.

Hoe groter 'n persoon se boedel is, hoe ingewikkelder word die boedel omdat dit uit verskillende bates bestaan. Waar die boedelbates uit belange in verskillende maatskappye bestaan waarvan die beplanner die grootste of belangrikste aandeelhouer is, kan hy deur middel van die piramiede vorming sy boedel beplan en die groei daarvan na die erfgename oorplaas, sonder dat hy die beheer oor die maatskappye verloor.

Die verskillende maatskappye word in rang van grootste potensiële groei geplaas, met dié maatskappy met die grootste potensiële groei heel laaste. Die beplanner hou dan 'n beheerende belang in die heel eerste maatskappy met die heel kleinste potensiële groei en die ander aandele word dan deur sy erfgename in verhouding waarin hulle gaan erf, gehou. Die maatskappy besit dan die beheerende belang in die tweede maatskappy, die tweede maatskappy weer die beheerende belang in die derde maatskappy en die derde in die vierde maatskappy, ens.

Die groei van die maatskappy met die grootste potensiele groei, word dan afgewater en oorgeskuif na die erfgename. Met die reorganisasie van die aandeelhouding, moet die erfgename die aandele by die beplanner koop teen 'n redelike markwaarde. Die koopsom van die aandele kan aan die beplanner verskuldig bly en in sy testament word die koopprijs dan aan die erfgename bemaak.

Illustrasie 2.

A konsolideer sy belange wat bestaan uit vier maatskappye, naamlik K (Edms.) Bpk., L (Edms.) Bpk., M (Edms.) Bpk. en N (Edms.) Bpk. N (Edms.) Bpk. het die grootste potensiele groei in 'n piramide vorm. Die aandeelhouding van die maatskappye is soos volg :

	N (Edms.) Bpk.	M (Edms.) Bpk.	L (Edms.) Bpk.	K (Edms.) Bpk.
	%	%	%	%
A	55	-	-	-
B-seun	15	15	15	15
C-seun	15	15	15	15
D-seun	15	15	15	15
N (Edms.) Bpk.	-	55	-	-
M (Edms.) Bpk.	-	-	55	-
L (Edms.) Bpk.	-	-	-	55
	100	100	100	100

Indien die maatskappye, nadat mnr. A sy boedel beplan het, die volgende groei getoon het, K (Edms.) Bpk. R1 000; L (Edms.) Bpk. R650; M (Edms.) Bpk. R340; N (Edms.) Bpk. R250, sou mnr. A se boedel met R2 240 in waarde verhoog het as hy nie die beplanning gedoen het nie, maar as gevolg van die beplanning, het sy boedel slegs met R440 verhoog, die res van die verhoging van R1 800 is oorgeplaas na die boedels van die seuns of sy erfgename. (Eie waarneming)

Illustrasie van die groei in aandeelwaarde van die maatskappye :

Maatskappy		Netto groei in aande- le waar- de	Aandeelhouers				
			Groei in be- heren- de maat- skappy	A	B	C	D
K (Edms.) Bpk.	R1 000	R1 000	R550	-	R150	R150	R150
	R 650	650					
L (Edms.) Bpk. <u>Plus groei in aandeelwaarde in filiaal</u>	550						
	R1 200		660	-	180	180	180
M (Edms.) Bpk. <u>Plus groei in aandeelwaarde in filiaal</u>	R 340	340					
	660						
N (Edms.) Bpk. <u>Plus groei in aandeelwaarde in filiaal</u>	R1 000		550	-	150	150	150
	R 250	250					
	550						
	R 800			R440	120	120	120
		R2 240		R440	R600	R600	R600

(Eie waarneming)

2. UITGESTELDE BEPLANNINGSMETODE.

Waar daar geen boedelbelasting ter sprake is nie, of wanneer die omvang van die boedel nie so groot is nie, is hierdie metode van boedelbeplanning die aangewese metode. Die trust kom tot stand met die afsterwe van die stigter. Die trust word die testamentêre trust genoem en die skepping hiervan word gewoonlik in die testament bepaal.

Min of meer al die sake wat die direkte metode raak, raak ook hierdie trust en kan net so toegepas word.

D. SAMEVATTING.

Uit die voorgaande kan die afleiding gemaak word dat waar 'n persoon se boedel groot is en die betaling van boedelbelasting 'n wesentlike bedrag sal uitmaak, is dit vir hom die moeite werd om sy boedel te beplan deur middel van die direkte beplanningsmetode. Sodoende sal die persoon sorg dat die groei van sy boedel bevries word of die groei daarvan oorgeplaas word na sy erfgename. Indien daar geen boedelbelasting ter sprake is nie, is dit nie nodig vir die persoon om die direkte beplanningsmetode te gebruik nie en kan die persoon die uitgestelde plan gebruik. Dan tree die boedelbeplanning in werking by die afsterwe van die persoon.

In beide metodes van boedelbeplanning, is die bestaan van 'n geldige testament 'n vereiste. Al die bates van die beplanner hoef nie noodwendig in die beplanning of testament ingesluit te wees nie, slegs die bates wat die beplanner daarin wil hê. Die bates wat nie ingesluit is nie, kan intestaat vererf word.

HOOFSTUK 3.

TESTAMENT EN INTESTATE ERFOPVOLGING.

A. INLEIDING.

Indien 'n persoon sonder 'n geldige testament wegval, word vererwing van sy boedelbates regtens gereël. Sy boedelbates vererf dan intestaat volgens die Erfopvolgingswet No. 13 van 1934. Dit kan ook gebeur dat slegs 'n gedeelte van die boedelbates vererf volgens die testament en dat die res van die ander bates dan volgens die intestate erfreg vererf.

Indien 'n persoon 'n sekere doel met sy bates het, dan moet hy vir hom 'n testament opstel. Enige testamentêre opdrag is gebiedend. In die saak *Cradock's Estates versus Cradock & Others* (1951 3 S.A. 15N.) het die Regter die plig van die eksekuteur in die verband soos volg saamgevat "... In my opinion there is no doubt than an executor is not obliged to realise the estate assets. He must, of course, do that the will tells him". Hieruit volg dat daar volgens die opdrag in die testament met die boedelbates gehandel moet word.

Volgens die Wet op Testamente 1953, beteken die woord testament waar dit in die wet voorkom, ook 'n kodusil en enige ander testamentêre geskrif (Wet op Testament Wet No. 7 van 1953, soos gewysig). 'n Testament kan omskryf word as 'n vrywillige skriftelike wilsuiting waarin die erflater met voldoening aan alle tersaaklike wetsvereistes en formaliteite, verklaar en bepaal, wat na sy afsterwe met sy boedelbates moet gebeur. (Bouwer, A.P.J. Die beredderingsproses van bestorwe boedels; J.P. van der Walt en Seun. Pretoria 1967. p.411).

Volgens Artikel 4 van die Wet op Testamente kan "elkeen wat sestien jaar of ouer is 'n testament maak tensy hy, wanneer hy die testament maak, verstandelik onbekwaam is om die aard en uitwerking van sy handelinge te begryp". Hieruit volg dat 'n vrou wat binne gemeenskap van goed of buite, met insluiting van die maritale mag van die man, getroud is, self 'n testament kan maak.

Artikels 5 en 6 bepaal dat die eksekuteur of enige begunstigde in die testament nie as getuie mag optree by die ondertekening van die testament nie.

Ander vormvereistes by die verlyding van 'n testament word in Artikel 2 uiteengesit. Artikel 2 bepaal hoe die testament onderteken moet word en hoe enige skraping, byvoeging, verandering of tussenskrif bevestig moet word. Elke testament moet op elke bladsy wat dit beslaan, en aan die einde daarvan, deur die erflater en twee getuies in mekaar se teenwoordigheid onderteken word, asook enige skraping, byvoeging, verandering of tussenskrif moet geteken word.

B. INHOUD VAN TESTAMENT.

Die inhoud van 'n testament kan hoofsaaklik in drie dele verdeel word, naamlik :

1. HERROEPING VAN VORIGE TESTAMENTE.

Deur die herroeping van alle vorige testamente suiwer die testateur sy testamentêre verlede en dit stel hom in staat om opnuut oor sy goed te besluit.

2. BENOEMING VAN 'N EKSEKUTEUR.

'n Geskikte en bekwame persoon of persone behoort benoem te word as eksekuteur ten einde aan die begeertes en bedoeling van die afgestorwene uitvoering te gee, sowel as om na die belange van die begunstigdes in die testament om te sien. Indien daar geen eksekuteur in die testament benoem is nie, of as hy dood is of onbevoeg is of weier om op te tree, word die prosedure in die Boedelwet (Wet No. 66 van 1965, soos gewysig, Art. 18) gevolg. Dit kom kortliks daarop neer dat 'n vergadering van belanghebbendes belê word, waarop 'n eksekuteur genomineer word. Dit is dus wenslik dat 'n eksekuteur in die testament benoem word, dat die persoon wat benoem word, geskik en bekwaam is om die beredderingsproses van die boedel te kan uitvoer, asook om te kan optree as administrateur van die trust wat gevorm word.

3. BEMAKING.

Hierdie deel van die testament is die belangrikste en moet deeglik beplan word, sodat dit in die behoeftes van die erfgename sal voorsien. Dit is belangrik nadat die testament in werking tree (dit wil sê na dood van testateur) en dat dit nie ongedaan gemaak kan word nie. Hier moet die betaling van boedelbelasting, die bemaking van kontantgeld aan erfgename in gedagte gehou word. Dit gebeur dikwels dat die testament bepaal dat sekere bedrae geld in kontant aan die erfgename betaal moet word. Die kwessie van boedelbelasting word buite rekening gelaat, met die gevolg dat daar van die bates verkoop moet word om te voldoen aan die vereistes van die testament.

Die testateur moet ook die besondere vereistes van die erfgename in gedagte hou. "Erfgeld is swerfgeld" - Dit gebeur dikwels dat die ouderdomme van erfgename te jonk bepaal word. Wanneer hulle hul erfposies moet kry, gebeur dit dat die erfgename nog te onvolwasse is, met die gevolg dat hulle binne 'n paar maande hul volle erfposie uitgeleef het.

Om 'n testament op te stel, is nie 'n amateur se werk nie. Daar is so baie slaggate wat die boedel, as gevolg van onkunde, baie gaan kos.

By die opstel van die testament, sodat hy nie die slagoffer is van die sogenaamde "slaggate" nie, moet die testateur sorg dra dat hy op ondubbel-sinnige en duidelike wyse sy wil bekend maak. Die volgende sake is dus van belang by die opstelling :

(a) Bemaking aan Gade.

Indien die testateur sy/haar boedel bemaak aan sy/haar eggenoot(te), bring dit mee dat die egpaar derhalwe tweekeer op dieselfde boedel inkomstebelasting moet betaal. Daar is wel verligting van boedelbelasting as hulle kort na mekaar te sterwe kom. Die verligting word aangegee as 'n persentasie van die boedelbelasting wat betaal moet word.

Indien hulle binne die volgende tydperke na mekaar te sterwe kom, is die volgende persentasies van die boedelbelasting vrygestel :
(Boedelbelastingwet 1955, soos gewysig, Art. 32)

0 - 2 jaar	100%
2 - 4 jaar	80%
4 - 6 jaar	60%
6 - 8 jaar	40%
9 - 10 jaar	20%

Illustrasie 3.

Mnr. A het 'n boedel van R600 000 en bemaak sy boedel aan sy vrou. Neem aan mnr. A het twee kinders. Die boedelbelasting wat mnr. A se boedel moet betaal, beloop R145 750 - dit laat 'n boedel van R454 250 oor. Indien mev. A te sterwe kom, sê na 10 jaar, en daar was geen kapitale vermindering in die boedel nie, moet haar boedel weer boedelbelasting van R103 487 betaal. Dit laat 'n netto boedel van R350 763. Die oorspronklike boedel van R600 000 is derhalwe verminder na R350 763. R103 487 kon gespaar gewees het as die testateur sy boedel aan sy kinders bemaak het met die vruggebruik van die langsliewende.

(b) Skepping van 'n trust.

As die testateur sy boedelbates aan sy/haar kinders bemaak, met die lewenslange vruggebruik van die langsliewende, moet die bates in trust gehou word tot die afsterwe van die langsliewende. Die testateur kan ook aan die langsliewende die reg gee om 'n rentevrye lening vanaf die trust te verkry. Dit sal die langsliewende in staat stel om 'n addisionele inkomste te verkry wat belastingvry is. 'n Variasie op die metode is om haar die reg van die vruggebruik te gee tot op 'n sekere bedrag. Dit sal meebring dat die langsliewende se inkomste beperk word en derhalwe sal die trustinkomste oor meer persone versprei word. Die gevolg is dan dat totale belasting minder sal wees as wanneer slegs een persoon daarop belasting moet betaal.

Illustrasie 4.

Mev. A het die lewenslange vruggebruik van die bates wat deur haar man aan haar drie kinders nagelaat is. Die inkomste van die vruggebruik beloop R24 000. Indien die testament bepaal dat mev. A die volle vruggebruik het, sal mev. A dan op R24 000 belasting moet betaal wat 'n bedrag van R7 920 (Bylae 4) beloop vir die 1973-belastingjaar.

As die testament bepaal het dat mev. A 'n sekere persentasie (sê 75%) van die trustinkomste moet kry tot 'n maksimum van sê R12 000, sal dit meebring dat haar inkomste R18 000 sou gewees het, maar weens die beperking is dit net R12 000. Die ander R12 000 val die kinders toe en word hulle daarop belas.

Belasting betaal deur mev. A op R12 000 (Bylae 4)	R 2 304
Belasting deur kinders betaal (Stel inkomste van kinders op R5 000 elk, plus R4 000 = R9 000)	
Belasting op R9 000 (Bylae 4) Kind 1	1 392
Kind 2	1 392
Kind 3	1 392
	<hr/>
	R 6 480
	<hr/> <hr/>

Dit gee 'n besparing van R1 440 aan inkomstebelasting.

Daar moet gelet word op die feit dat 'n maksimum bedrag daargestel word en nie 'n minimum nie. Indien die testament bepaal dat die vrou 'n minimum bedrag van sê R6 000 per jaar moet ontvang, en die trustinkomste beloop slegs R4 000 per jaar, dan is die vrou belasbaar op R6 000 terwyl R2 000 daarvan uit kapitaal betaal word. (Eie waarneming)

(c) Annuliteite.

'n Annuliteit is altyd belasbaar in die hande van die ontvanger van die annuliteit (Inkomstebelastingwet van 1962, soos gewysig, Art. 1(xi)(a). Dit maak geen verskil as die annuliteit betaal word uit 'n inkomste of kapitaal of dividende nie. Die belastingpligte is belasbaar op die volle bedrag.

Die testateur kan sy bates alles bemaak aan 'n trust en sy kinders, met 'n lewenslange annuïteit aan sy vrou van sê R12 000 per jaar. Sy vrou sal dus belasbaar wees op R12 000, ongeag waaruit die annuïteit betaal is. As die inkomste van die trust slegs uit dividende bestaan, beteken dit nog steeds dat sy op die volle bedrag van R12 000 belas gaan word. Indien die testateur bepaal het dat sy vrou 'n sekere persentasie van die inkomste van die trust moet ontvang, en die totale inkomste van die trust het slegs uit dividende bestaan, sal sy vrou daardie gedeelte van die dividend wat toelaatbaar is, belastingvry kry. (Inkomstebelastingwet van 1962, soos gewysig, Art. 10(1)(k)).

Illustrasie 5.

Die testament bepaal dat die bates in 'n trust gehou moet word tot na die dood van Y.

Dat :

1. X 'n annuïteit van R1 000 moet kry;
2. Y 50% van die trustinkomste moet kry nadat die annuïteit uitbetaal is.

Inkomste van trust.

Huur	R1 000
Rente	1 000
Dividende	4 000

Uitgawes.

Trusteefooie (5%)	R 300	
Uitgawes ten opsigte van Huurinkomste	700	
Annuïteit	1 000	
Y se deel van Inkomste (50%)	2 000	
Surplus	2 000	
	<hr/>	<hr/>
	R6 000	R6 000
	<hr/>	<hr/>

Die trustinkomste sal soos volg in die hande van die belanghebbendes belas word :

	Totaal	Huur	Rente	Dividende
Totale Inkomste	R6 000	R1 000	R1 000	R4 000
<u>Min</u> Trusteesfooie	300	50	50	200
<u>Min</u> Uitgawe ten opsigte van Huur	R5 700 700	R 950 700	R 950 -	R3 800 -
Annulteit X	R5 000 1 000	R 250 50	R 950 190	R3 800 760
		$(\frac{250}{5000} \times 1000)$	$(\frac{950}{5000} \times 1000)$	$(\frac{3800}{5000} \times 1000)$
	R4 000	R 200	R 760	R3 040
Y - $\frac{1}{2}$ Deel	R2 000	R 100	R 380	R1 520
Trust - $\frac{1}{2}$ Deel	R2 000	R 100	R 380	R1 520

Belasbare Inkomste van X.

Indien X geen ander inkomste het nie, is sy belasbare inkomste R1 000.

Belasbare Inkomste Y.

Indien Y geen ander inkomste het nie, is sy belasbare inkomste :

Bruto Ontvangstes	R2 000
<u>Min</u> Dividende vrygestel (100% onder R2 600)	1 520
Belasbare Inkomste	<u><u>R 480</u></u>

Indien Y se ander inkomste, sê R6 000 per jaar is, is sy belasbare inkomste soos volg :

Salaris	R6 000
Huur ontvang vanaf trust	100
Rente ontvang vanaf trust	380
Dividend	R1 520
<u>Min</u> $\frac{1}{3}$ Vrygestel	507
Belasbare Inkomste	<u><u>R7 493</u></u>

(Eie waarneming)

Hieruit kan afgelei word dat alhoewel Y se inkomste heelwat hoër is as die van X, is sy belasbare inkomste heelwat laer as X sin.

Indien die testateur aan een of meer van sy erfgename 'n annuïteit bemaak, moet sorg gedra word dat die annuïteit slegs uit trustinkomste betaal word. Indien die trustinkomste nie die bedrag van die annuïteit opmaak nie, moet die annuïteit verminder word tot die bedrag van die trustinkomste, of die verskil kan aangevul word deur 'n rentevrye lening, terugbetaalbaar by dood van die ontvanger van die annuïteit.

Illustrasie 6.

Testateur A besluit on in plaas van aan sy vrou 'n kapitale bedrag na te laat, sy boedel haar 'n annuïteit van sê R10 000 moet betaal. Sy boedel was ten tye van opstel van sy testament sê R150 000 werd en die heersende rentekoerse 10%. Verder bepaal sy boedel dat, indien die inkomste te min is, dit uit kapitaal aangevul moet word.

Gestel die rentekoerse daal na 8% by sy oorlye en sy boedel het na R100 000 gedaal. Die inkomste van die trust beloop nou slegs R8 000 per jaar, maar sy vrou moet R10 000 ontvang waarop sy belas word. Die addisionele R2 000 moet uit kapitaal aangevul word. Om die probleem te oorbrug, moes A bepaal het dat, indien die inkomste nie R10 000 haal nie, sy vrou 'n rentevrye lening kan maak, terugbetaalbaar by haar dood. Dan sou sy net op R8 000 belas gewees het. (Eie waarneming)

Die bewoording van die testament kan die testateur duur te staan kom. Indien die testateur besluit om die dubbel belasting van boedelbelasting uit te sluit deur betaling deur hom en weer deur sy vrou, en hy bemaak sy boedel aan sy kinders, moet hy sorg dat sy vrou 'n annuïteit kry uit die inkomste van sy boedel en nie 'n annuïteit kry vanaf sy kinders nie, met ander woorde die kinders moet nie aan hulle moeder 'n annuïteit betaal nie. As dit die geval is, sal die vrou van die testateur belasbaar wees op die annuïteit en die kinders sal nie die betaling van die annuïteit aan hulle moeder kan aftrek as aftrekking van hulle belasbare inkomste nie. Dit sal meebring dat die annuïteit twee keer belas word; in hande van hulle moeder en in hul eie hande. Die

bedrag van die annuïteit wat hulle aan hul moeder moet betaal, word die bemakingsprys genoem. (Lambson v. CIR 1946 (PD 69), 14 SATC 57 en Holley v CIR 1947 (3) S.A. 119 (AD), 14 SATC 407.

Illustrasie 7.

Testateur K bemaak sy blok woonstelsel aan sy seun L. Die blok se gemiddelde jaarlikse inkomste beloop sê R15 000. Sy seun moet aan sy moeder jaarliks R10 000 vir die res van haar lewe gee. L betaal op R15 000 belasting terwyl sy moeder op R10 000 belasting betaal. Die R10 000 wat hy aan sy moeder moet gee, is nie 'n aftrekbare uitgawe nie, dit is 'n bemakingsprys (Bequest price).

Indien K in sy testament bepaal het dat sy vrou 'n annuïteit van R10 000 uit die inkomste van die boedel moet kry, sal A se vrou R10 000 per jaar ontvang en daarop belasting betaal. Die ander inkomste van die trust val die seun toe en hy sal daarop belasting betaal, naamlik R5 000 (R15 000 - R10 000). (Eie waarneming)

C. INTESTATE ERFOPVOLGING.

1. INLEIDING.

Indien 'n persoon te sterwe kom en nie 'n geldige testament het nie en boedelbates nalaat, vererf sy erfgename ingevolge die Erfopvolgingswet No. 13 van 1934. Sy boedel vererf dan intestaat. Die potensiële intestate erfgename, is gewoonlik al die lewende bloedverwante van 'n afgestorwene op die oomblik wat hy sterf. (Bouwer op. cit. bl. 387) Al die potensiële erfgename gaan nie van die afgestorwene erf nie. 'n Aangenome kind kan van sy aangenome ouers erf, soos 'n kind wat uit die ouer se huwelik gebore is, (Wet No. 33 van 1960, soos gewysig, Art. 74) terwyl 'n man se buite-egtelike kinders kan nie weer van hom of deur hom van sy bloedverwante intestaat erf nie. 'n Vrou se buite-egtelike kinders vererf net soos egtelike kinders (Bouwer op. cit. bl. 389).

Die intestate erfreg kan kortliks in drie verdeel word, naamlik :

- (a) Wat die langsewende erf.
- (b) Wat die nageslag erf.
- (c) Wat ander familie erf indien daar geen nageslag is nie.

2. WAT DIE LANGSEWENDE GADE ERF.

(a) Indien binne gemeenskap van goed getroud.

Die boedel word in twee verdeel en die afgestorwene se helfte word verdeel. As daar geen nageslag is nie, maar daar is wel 'n vader, moeder, broer of suster wat nog leef, kry die langsewende die helfte van die boedel (afgestorwene se helfte) of R10 000 welke die grootste is. Is daar geen nageslag of ook geen vader, moeder, broer of suster van die oorledene nie, erf die langsewende alles.

Indien daar 'n nageslag is, dit wil sê kinders, kry die langsewende 'n kindsdeel of daardie bedrag wat saam met die langsewende se helfte van die boedel, R10 000 welke die grootste is. (Erfopvolging Wet No. 13 van 1934, Art. 1(a).

(b) Indien buite gemeenskap van goed getroud.

Hier vererf slegs die oorledene se boedel volgens die voorhuwelikse kontrak. As daar geen nageslag is nie, maar daar is wel 'n vader, moeder, broer of suster wat leef, dan erf die langsewende die helfte of R10 000 welke die grootste is. Indien geen nageslag of geen vader, moeder, broer of suster wat leef nie, dan erf die langsewende die hele boedel van die oorledene.

Indien daar 'n nageslag is, erf die langsewende 'n kindsdeel of R10 000 welke die grootste is. (Erfopvolging Wet No. 13 van 1934, soos gewysig, Art. 1(b).)

3. WAT DIE NAGESLAG ERF.

Nadat die langsliewende se gedeelte, soos hierbo bepaal, uitbetaal is, vererf die boedel soos volg : Die res gaan alles na die nageslag wat in gelyke dele erf, selfs 'n aangenome kind ook. Indien daar een of meer kinders reeds oorlede is en geen nageslag nalaat nie, word hy buiterekening gelaat. Laat hy wel 'n nageslag na, dan erf sy/haar kinders as een kind van die oorledene se boedel, met ander woorde hulle erf in die oorledene se plek. (Park & Others v. Estate Parkin & Others, 25 S.C. 346).

4. WAT DIE ANDER FAMILIE ERF INDIEN
DAAR GEEN NAGESLAG IS NIE.

Nadat die langsliewende se gedeelte betaal is, erf die erflater se vader en moeder elk die helfte. Indien die ouers reeds oorlede is, gaan daardie helfte aan sy of haar kinders (broers of susters van die oorledene).

Hierdie verskynsel dat kinders in die plek van die oorlede ouers kan erf, word "representasie per stirpes" genoem. Die kinders tree dus in die plek van hulle oorlede ouers en erf dit wat die oorledene sou geërf het.

Tot met die vierde geslag van verwantskap erf die kinders van die oorledene, daarna, as daar geen erfgenaam is, erf die oorledene se grootouers die helfte. Indien een van hulle oorlede is, dan erf die oorledene se grootouers die helfte. Indien een van hulle oorlede is, dan erf die oorledene se grootouers se nageslag alles. Tot en met die vierde graad van verwantskap, so nie erf die naaste bloedverwant.

D. SAMEVATTING.

Dit staan enige persoon bo die ouderdom van 16 vry om 'n testament op te stel. Vir die persoon met 'n betreklike klein boedel en wat al sy bates aan sy vrou wil bemaak, bied dit vir hom geen voordeel om werklik 'n testament op te stel nie. Selfs vir die

persoon met 'n groter boedel wat hoofsaaklik uit kontantbates bestaan, soos assuransiepolisse en beleggings, wat graag sy kinders wil laat erf en nie alles aan sy of haar eggenote wil nalaat nie, is dit aan te beveel om ook nie 'n testament op te stel nie, met ander woorde daar word intestaat vererf. Hoe groter die boedel is, en waar daar moontlik 'n tweede huwelik plaasgevind het en die boedelbates uit verskillende soorte bates bestaan, is dit raadsaam dat die persoon vir hom 'n testament laat opstel wat moet voldoen aan die vereistes soos deur die wet daargestel, asook 'n testament wat sal voldoen aan die vereistes en wense van die testateur.

HOOFSTUK 4.

BOEDEL BATES.

A. INLEIDING.

'n Persoon met geen bates kan geen boedel nalaat nie, of slegs 'n insolvente boedel nalaat. Dit dien geen doel vir 'n persoon wat geen bates besit om 'n testament op te stel nie. Die doel van die testament is juis om die wil wat die testateur met sy bates het, bekend te maak. As daar geen bates in die boedel is nie, kan die erfgename van die testateur ook niks erf nie.

'n Persoon se boedel kan uit verskillende tipe bates bestaan soos versekeringspolisse, roerende goed, beleggings, onroerende eiendomme en besigheidsondernemings. Sommige van die bates se eiendomsreg is maklik oordraagbaar, soos byvoorbeeld genoteerde aandele, terwyl ander bates moeiliker oordraagbaar is en ander wat weer glad nie oordraagbaar is nie, byvoorbeeld indien die testateur moontlik 'n vennoot in 'n professionele praktyk is, kan sy erfgenaam nie ook 'n vennoot in die praktyk word nie, tensy die erfgenaam dieselfde kwalifikasies as die ander vennote het en hulle bereid is om hom as vennoot toe te laat.

By die opstel van die testament of beplanning van boedel, moet die testateur die oordraagbaarheid, tegeldemaking, verdeelbaarheid van die bates in gedagte hou.

B. BOEDEL BATES.

1. VERSEKERINGSPOLISSE.

Versekeringspolisse vorm gewoonlik 'n redelike groot bate in 'n boedel. Versekeringspolisse word uitgeneem vir die doel om ten eerste aan nagelatendes iets na te laat om van te lewe. Ten tweede word versekering uitgeneem met die oog daarop om die bestaande skulde, soos verbandlenings op die woonhuise ens. uit die boedel te kan betaal, dat die nagelate eggenote nie gebind is met die laste nie en om genoegsame voorsiening te maak vir die opleiding van die kinders. Ten derde om voorsiening te maak vir genoegsame fondse om boedelbelasting te betaal en daardeur die onwins-

gewende verkoop van bates uit te skakel.

Sommige assuransiepolisse vorm deel van die boedelbates, terwyl ander weer nie 'n boedelbate is nie. Assuransiepolisse wat wel boedelbates is, word ingevolge die testament of intestate erfreg soos onder boedelbates onder die erfgename verdeel. Die assuransiepolisse wat as boedelbate geklassifiseer word is : polisse waarvan die opbrengs direk aan die eksekuteur betaal is (Bouwer op. cit. p. 233); die langsewende gade se polisse indien binne gemeenskap van goed getroud was (Bouwer op. cit. p. 244); en polisse gesedeer as sekuriteit vir skuld met eerbiediging van die eisers sowel as die begunstigdes se regte (Bouwer op. cit. p. 236).

Sekere versekeringspolisse vorm nie deel van die boedelbates nie, soos polisse kragtens sessies aan begunstigdes uitbetaalbaar, (Bouwer op. cit. p. 238) sekere polisse van 'n gade wat binne gemeenskap van goedere getroud is, vorm nie deel van 'n gemeenskaplike boedel nie (Bouwer op. cit. p. 245).

Die opbrengs van versekeringspolisse is gewoonlik in kontant. Dit vergemaklik die verdeling van die bates onder die erfgename ingevolge die testament of ingevolge die intestate erfreg. As 'n testament byvoorbeeld bepaal dat die drie kinders in gelyke dele moet erf en die verdeelbare bates van die boedel beloop R12 000 in kontant, is dit maklik; elke kind kry R4 000. Tussen die kinders sal nooit 'n onenigheid ontstaan nie deurdat die een 'n beter bate as die ander ontvang het, soos wat die geval moontlik kan wees by roerende eiendom, beleggings en onroerende eiendomme. As gevolg van die beskikbaarheid van die kontant op hande, kan die gewone boedelkoste, soos eksekuteursfooie, bankkoste, advertensiekoste, meestersfooie betaal word en ook boedelbelasting sonder die verkoop van bates, dit wil sê as die opbrengs voldoende is. Die verkoop van bates is nie altyd so winsgewend nie en soms moet 'n baie winsgewende bate verkoop word om die uitgawes te dek.

2. ROERENDE GOED.

Roerende goed sluit bates in soos huishoudelike toebehore, huisraad, gereedskap, implemente, juweliersware, motorvoertuie en lewende hawe, en dies meer. Hierdie bates vererf ook soos enige ander bate ingevolge die testament. Indien die bates nie te gelde gemaak is nie en as die bates ook nie in spesie bemaak is nie, skep die verdeling van die bates 'n probleem as daar meer as een erfgenaam is. Die bates is nie maklik verdeelbaar nie en gevolglik moet 'n ooreenkoms tussen begunstigdes opgestel word, waarin bepaal word wie wat erf.

Dit is dus wenslik dat 'n testateur in die testament bepaal watter erfgenaam watter bate erf.

3. BELEGGINGS.

'n Verskeidenheid van beleggings word aangetref. Sommige beleggings kan maklik gerealiseer word, terwyl ander daarenteen moeilik of glad nie realiseerbaar is nie. Die belegging wat maklik realiseerbaar is, kan soos in die geval van assurance-opbrengs maklik tussen die erfgename verdeel word en kan ook aangewend word vir die betaling van die uitgawes.

Beleggings kan verdeel word in :

(a) Maklik realiseerbare beleggings.

Dit sluit in rente draende beleggings, soos vaste deposito's, spaar-rekenings, aandele in bouverenigings. Hierdie tipe beleggings is gewoonlik maklik omskepbaar in kontant en kan dus vir alle praktiese doeleindes as kontant beskou word.

(b) Aandele.

Aandele kan verdeel word in genoteerde aandele en ongenoteerde aandele. Genoteerde aandele is aandele van maatskappye wat op 'n effektebeurs genoteer is. Die aandele is gewoonlik betreklik maklik realiseerbaar.

Die beplanner kan met die beplanning van sy boedel sekere beleggings maak in genoteerde aandele om die gewone uitgawes van die boedelbereddering te kan betaal.

Ongenoteerde aandele is nie so maklik realiseerbaar nie, omdat dit moeilik is om kopers vir die aandele te kry. Meeste ongenoteerde aandele is dié in private maatskappye waarvan die oordrag van aandele beperk is (Maatskappyywet van 1926, soos gewysig, Art. 104 (Ou wet). Dit is dus wenslik dat die testateur of boedelbeplanner sy ongenoteerde aandele in spesie bemaak.

4. ONROERENDE EIENDOM.

Onroerende eiendom word omskryf as "Grond en iedere saaklike reg op grond of minerale (behalwe 'n reg uit hoofde van 'n verband) wat geregistreer kan word in die Republiek wat gebruik word vir die registrasie van grondtitels of die reg om te myn". (Boedelwet No. 66 van 1965, soos gewysig, Art. 1(x4)) Die onroerende eiendomme moet soos enige ander bate waardeer of verkoop word om die waarde van die boedel te bepaal. In baie gevalle het die begunstigdes of erfgename 'n sentimentele waarde aan die eiendom geheg en wil hulle nie graag die eiendom verkoop nie. Soos dit algemeen bekend is, word die beste pryse nie altyd op veilings gehaal nie. Om die nie-winsgewende verkoop van bates uit te skakel, moet die beplanner genoegsame voorsorg tref om voldoende kontant beskikbaar te hê om die nodige uitgawes te dek.

Dit is wenslik dat onroerende eiendom in spesie aan die erfgename bemaak word omdat twee of meer persone nie transport op dieselfde landbou-eiendom kan kry nie. (Wet op verdeling van Landbougrond Wet No. 70 van 1970) Indien die testament bepaal dat die erfgename in gelyke dele moet erf, ontstaan dié probleem by onroerende eiendomme. Eiendomme is nie maklik verdeelbaar nie, indien die eiendomme opgesny word in gelyke dele, as die toestemming daarvoor gekry kan word, is die dele gewoonlik nie gelyk in waarde nie. Waar daar nog verskillende eiendomme in verskillende gebiede is, word die probleem nog verder vergroot. Gevolglik moet daar tussen die

erfgename herverdelingsooreenkomste opgestel word, wie watter eiendom sal neem.

Dit is dus wenslik dat die beplanner bepaal wie watter eiendom moet erf, of dat hy, in oorleg met sy erfgename, bepaal wie watter eiendom moet erf.

5. BESIGHEIDSONDERNEMINGS.

Waar 'n testateur se boedelbates uit belange in verskeie ondernemings bestaan, moet die testateur die besondere omstandigheid van elke erfgenaam by die opstel van sy testament in gedagte hou. Verder moet die testateur dit in gedagte hou dat sy belange in vennootskappe nie na erfgename oordraagbaar is nie, tensy sy ander vennote bereid is om die erfgenaam as vennoot in te neem. By professionele vennootskappe moet die erfgenaam voldoen aan professionele vereistes wat deur die verskeie professies vereis word van 'n persoon wat die openbare praktyk beoefen. Die meeste vennootskapoor-eenkomste bepaal dat by dood die vennootskap in werklikheid sal ontbind, maar dat die oorblywende vennote die vennootskap kan voortsit en die oorblywende vennote die belang van die oorlede vennoot in die vennootskap sal koop. Die afbetaling sal gewoonlik geskied oor 'n tydperk. Die testateur kan dan in die geval sy kapitaal in die vennootskap beskou as 'n belegging wat vas belê is vir 'n sekere tydperk.

Indien die besigheidsondernemings maatskappy is, kan die aandele van die testateur na die erfgename oorgedra word. Die begunstigdes is dan aandeelhouers in die maatskappy. Die testateur moet die bepalings in die statute van die maatskappy met betrekking tot die oordrag van aandele, in gedagte hou. Baie privaat maatskappy se statute bepaal dat aandele eers aan bestaande aandeelhouers aangebied mag word en dat enige oordrag van aandele deur die direkteure goedgekeur moet word. Hierdie bepaling kan probleme gee wanneer die aandele aan die erfgenaam oorgedra moet word en die direkteure weier om die oordrag goed te keur. Dit is dus wenslik dat die testateur se aandele bemaak moet word aan 'n erfgenaam waarmee die direkteure en ander aandeelhouers genoeë sal neem.

C. SAMEVATTING.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat, voordat 'n persoon sy boedel kan beplan of 'n testament kan opstel, daar 'n deeglike studie gemaak moet word van al die bates en tipe bates wat die persoon het. Dit is ook wenslik dat die besondere behoeftes, belangstellings, opleiding en geaardheid van sy potensiële erfgename in aanmerking gebring moet word voordat die testateur bepaal watter erfgenaam watter bate moet erf. Indien dit die wens van 'n testateur is dat al die erfgename in gelyke dele moet erf in alle opsigte en die boedelbates, bates is wat moeilik of glad nie verdeelbaar is nie, is dit aan te beveel dat al die bates of slegs sekere bates in 'n maatskappy geplaas word en die erfgename gelyke aandele in die maatskappy besit.

HOOFSTUK 5.

INKOMSTEBEPLANNING.

A. INLEIDING.

Inkomstebepanning gaan boedelbepanning vooraf. Waar boedelbepanning by die gemiddelde persoon min aandag geniet, word inkomstebepanning feitlik elke dag in 'n individu se lewe toegepas, vanaf die eenvoudigste metode van besparing tot die mees ingewikkelde belegging.

Inkomstebepanning is die program waarvolgens die beplanner probeer om uit die beskikbare kapitaal en bronne die maksimum opbrengs of voordeel te verkry. Hierby word ingesluit beleggings teen die hoogste rentabiliteit, beleggings met die hoogste potensiële kapitale groei, beleggings met die laagste moontlike risiko, besparing of vermyding van uitgawes. Al die genoemde faktore moet in aanmerking geneem word voordat daar vasgestel kan word wat die effektiewe opbrengs van die belegging is.

Hier sal hoofsaaklik na drie inkomstegroepe verwys word, naamlik na mnr. A met 'n belasbare inkomste van R28 000. Belasbare inkomste van R28 000 word genoem omrede alle inkomstes bo R28 000 teen die maksimum skaal belas word. Mnr. B met 'n belasbare inkomste van R15 000, die rede hiervoor is dat die individuele grensinkomstebelastingkoers van individue min of meer dieselfde is as die maatskappy grensinkomstebelastingkoers. Met inkomstebelastingkoers word bedoel die koers waarteen die volgende addisionele een rand inkomste belas gaan word. Mnr. C met 'n belasbare inkomste van R6 000. Mnr. C verteenwoordig die gewone salaristrekker wat 'n redelike salaris verdien.

B. NOODSAAKLIKHEID VAN INKOMSTEBEPLANNING.

Indien 'n persoon nie gedurig sy inkomste beplan en die beste beleggingsmoontlikhede ondersoek in die snel veranderende wêreld nie, gaan die persoon nie die maksimum opbrengs op sy kapitaal verdien nie. Met die huidige hoë inflasiekoers en daarmeegepaardgaande vermindering in die koopkrag van geld, moet alle kapitaal teen die maksimum effektiewe opbrengs belê word. Om die kapitaal teen die hoogste rentekoers te belê, beteken nie altyd dat die maksimum voordeel op die kapitaal verkry word nie. Dit gee moontlik die maksimum opbrengs voor belasting, maar moontlik

nie altyd die maksimum opbrengs ná belasting nie.

Illustrasie 8.

Mnre. A, B en C belê elkeen R10 000 in 9,5% obligasies. Na 'n jaar is die belasbare inkomste van A, B en C vóór inagneming van die R950 rente wat verdien is, die volgende :

	<u>A.</u>	<u>B.</u>	<u>C.</u>
Belasbare Inkomste	R28 000	R15 000	R 6 000
Grensinkomstebelastingkoers (Bylae No. 3)	78%	43,5%	22,9%
Rente Verdien	R950	R950	R950
Belasting daarop	<u>731</u>	<u>423</u>	<u>218</u>
Netto opbrengs na belasting	<u><u>R219</u></u>	<u><u>R527</u></u>	<u><u>R732</u></u>
Persentasie opbrengs ná belasting	2,19%	5,27%	7,32%

Indien A, B en C hulle belegging in 6½% spesiale belastingvrye aandele in 'n bouvereniging belê het, sou die persentasie opbrengs van die beleggings soos volg gewees het :

	<u>A.</u>	<u>B.</u>	<u>C.</u>
Dividend	R650	R650	R650
Belasting (belastingvry)	<u>Geen</u>	<u>Geen</u>	<u>Geen</u>
Opbrengs na belasting	<u><u>R650</u></u>	<u><u>R650</u></u>	<u><u>R650</u></u>
Persentasie opbrengs ná belasting	6,5%	6,5%	6,5%

(Eie waarneming)

Uit bostaande kan gesien word, alhoewel 9,5% 'n goeie rentekoers is, sou dit vir A en B gebaat het indien hulle in die spesiale belastingvrye aandele sou belê het.

Derhalwe hou die belastingvermyding voordele in vir die belegger.

Die verskillende metodes wat gebruik kan word vir inkomstebeplanning, is die volgende :

- Beplanning van beleggings.
- Versekering, uittreeskemas en annuïteite.
- Maatskappye.
- Ander metodes.

Wanneer inkomste beplan word, moet die noodsaaklikheid van boedelbeplanning nie uit die oog verloor word nie.

C. BEPLANNING VAN BELEGGINGS.

Die inkomste op beleggings wissel van tyd tot tyd, afhangende van die ekonomiese toestand en maatreëls wat die regering daarstel. Belasting word gebruik om ekonomiese toestande te beheer en om fondse na sekere kanale te lei. Ons dink hier byvoorbeeld aan die verskillende spaarskemas en obligasies wat die regering uitreik, waarvan die inkomste dan spesifiek belastingvry is.

Hieronder verskyn die tipe beleggings wat gemaak kan word met 'n aanduiding van watter gedeelte van die inkomste belastingvry is, wat die persentasie opbrengs op die belegging is en of die belegging nog vrylik verkrygbaar is, hieronder word bedoel dat 'n voornemende belegger nog te eniger tyd so 'n tipe belegging kan opneem, vir watter termyn die belegging gemaak kan word.

Tipe Beleggings	Opbrengs	Tydperk	Belastingvry	Bemerkbaarheid
Posspaarbankspaarrekening		Onbeperk	R200 per persoon	Spaarrekening
Posspaarbanksertifikate			R400 per persoon	Beskikbaar
Unieleningssertifikate en Nasionale spaarsertifikate			Ten volle	Beskikbaar

Tipe Beleggings	Opbrengs	Tydperk	Belastingvry	Bemerkbaarheid
Leningsheffing op Inkomste-belasting			Ten volle	By inkomstebelastingaanslag gehef - terugbetaalbaar binne 5 jaar
Republiek van S.A. Premie-obligasies			R2 800 plus premie van R1 800	Beskikbaar
Bouvereniging subskripsie aandele	6½%	3-20 jaar	Belastingvry	Beskikbaar by enige bouvereniging
Spesiale belastingvrye aandele	6½%	5 jaar	R650	By enige bouvereniging
Huiseienaarsspaarrekening	8½%		Belastingvry	By enige bouvereniging
Onbepaalde termynaandele	8%		100% - 33⅓%	By enige bouvereniging
Vaste termynaandele	8½%		100% - 33⅓%	By bouvereniging
Gewone aandele in maatskappye	Volgens dividend beleid		100% - 33⅓%	Effekte beurs
Voorkeur aandele in maatskappye			100% - 33⅓%	Effekte beurs

(eie indeling van belastingvrystellings)

Ons kan al die tipe beleggings in twee groepe verdeel, naamlik :

- Vaste Rente-sekuriteite
- Aandelebelegging.

1. VASTE RENTE-SEKURITEITE.

Daar is 'n wye reeks van vaste rente beleggings beskikbaar aan die belegger. Die belegging wat die hoogste rente verdien, is gewoonlik meer spekulatief en die kapitaal is ook gewoonlik vir 'n langer tydperk vasbelê en nie maklik aflosbaar nie. (Blann, B.E.J. Finansiële en belastingbeplanning vir die familie-onderneming, Junie 1971, p.60)

Die koerse van langtermynbeleggings is hoog en omdat die rente nie belastingvry is nie, is hulle gewoonlik meer aantreklik vir die belastingpligtige met 'n lae belastingkoers. (Blann op. cit. p. 61) Langtermynbeleggings is beleggings soos vaste deposito's, verbande, verbanddeelnames en bougenootskapaandele.

Die koerse op korttermynbeleggings maak die beleggings nie so aantreklik nie.

Beleggings in belastingvrye sekuriteite raak in die laaste paar jare baie meer gewild. Die belegging bied ook as gevolg van die belastingvrye element 'n relatief hoër inkomste op die kapitaal belê.

Berekening van Effektiewe Opbrengs.

Om die effektiewe opbrengs op die belegging te bereken, word gebruik gemaak van die formule $\frac{A}{1 - R}$ (Blann op. cit. p.60). Waar :

A = die jaarlikse rentekoers is ;

B = die belastingpligtige se grensbelastingkoers (dit is die koers betaalbaar op die volgende rand bykomende inkomste).

Illustrasie 9.

'n Belastingpligtige wat op maksimum skaal belasting betaal en belê in spesiale belastingvrye aandele van $6\frac{1}{2}\%$, sal die volgende effektiewe opbrengste op sy kapitaal verdien vir die belastingjare :

1971	19,2%
1972	29,5%
1973	23,2%
1974	19,1%.

Berekening.

1971 was maksimum grensbelastingkoers 66,2%	$\frac{6,5}{1-0,662} = \frac{6,5}{0,338}$
1972 was maksimum grensbelastingkoers 78%	$\frac{6,5\%}{1,78} = \frac{6,5\%}{0,22} = 29,5\%$
1973 was maksimum grensbelastingkoers 72%	$\frac{6,5\%}{1,72} = \frac{6,5\%}{0,28} = 23,2\%$
1974 was maksimum grensbelastingkoers 66%	$\frac{6,5\%}{1,66} = \frac{6,5\%}{0,34} = 19,1\%$

Dit bring mee dat die belastingpligtige vir die belastingjaar 1972 sy fondse moes belê het teen 'n koers van 29,5% voor belasting, om dieselfde opbrengs te verkry as wat 'n belastingvrye belegging hom sou gebied het. Selfs die leek weet dat 'n belegging wat 29,5% op kapitaal bied teen dieselfde risiko, selde of glad nie bekombaar is nie. (Eie waarneming)

Omrede die Inkomstebelastingtariewe van jaar tot jaar wysig, bring dit mee dat die effektiewe opbrengs op die belegging dan dienoreenkomstig sal wysig. Bylae 6 gee die effektiewe opbrengs wat die drie verskillende inkomstegroepe, naamlik R6 000, R15 000 en R28 000 per jaar kan behaal teen verskillende belastingvrye rentekoerse, vir die belastingjare 1971 tot 1974. Hoe hoër die belasbare inkomste van 'n persoon is, hoe hoër is die effektiewe opbrengs op die kapitaal belê. 'n Persoon wie se belasbare inkomste R6 000 beloop in die 1974 belastingjaar se effektiewe opbrengs op 'n belastingvrye belegging van 6½% beloop 8,2% terwyl die effektiewe opbrengs van 'n persoon wat teen die maksimum skaal beloon word, naamlik bo R28 000 se effektiewe opbrengs 19,1% beloop. Dit is raadsaam dat 'n voornemende belegger die verskillende belastingvrye beleggings in aanmerking moet neem wanneer daar besluit word watter tipe belegging aangegaan sal word.

2. AANDELEBELEGGING.

Dividende ontvang vanaf Maatskappye is of geheel of gedeeltelik vrygestel van inkomstebelasting. (Inkomstebelastingwet van 1962, soos gewysig, Art. 19(3)).

Indien die inkomste met inbegrepe van die dividende R4 600 oorskry, is $\frac{1}{3}$ van die dividendinkomste belastingvry. Indien die belasbare inkomste met inbegrepe van dividende ontvang, minder as R2 600 is, is die totale dividende ontvang, vry van belasting.

Van die dividende ontvang of toegeval aan individue, is die volgende persentasies vrygestel :

Waar die belasbare inkomste met inbegrip van die dividende :	<u>Persentasie wat van dividende afgetrek moet word.</u>
nie R2 600 oorskry nie	100%
R2 600 oorskry maar nie R2 800	94%
R2 800 oorskry maar nie R3 000	88%
R3 000 oorskry maar nie R3 200	82%
R3 200 oorskry maar nie R3 400	76%
R3 400 oorskry maar nie R3 600	70%
R3 600 oorskry maar nie R3 800	64%
R3 800 oorskry maar nie R4 000	58%
R4 000 oorskry maar nie R4 200	52%
R4 100 oorskry maar nie R4 400	46%
R4 400 oorskry maar nie R4 600	40%
R4 600 oorskry	33 $\frac{1}{3}$ %

Die belegging in aandele word gemaak of vir 'n groei in kapitaal of vir dividendopbrengs of beide. Vir die belegger wat in kapitale groei belangstel, moet die belegger die maatskappy se spesifieke omstandighede, die ekonomiese en politieke toestande in gedagte hou by die keuse van water aandele om aan te koop.

Dit is wenslik dat 'n belegger, wat belangstel om aandelebeleggings te maak, moet seker maak dat die aandele wat hy koop, aandele van maatskappye is wat op 'n erkende effekte beurs, soos die Johannesburgse effekte beurs en

Londonse effekte beurs, genoteer is. Die bemarkbaarheid van genoteerde aandele en maklike bekombaarheid van gegewens van die maatskappy gee die belegging in genoteerde maatskappy voordeel bo ander maatskappy wat nie genoteer is nie.

Vir die belegger wat in dividendopbrengs belangstel, is dit wenslik dat die belegger die maatskappy waarin hy beleggings wil maak, moet ondersoek ten opsigte van die maatskappy se dividendbeleid, dit wil sê dat die maatskappy gereeld dividende betaal, dat genoegsame winste teruggeploeg word vir ontwikkeling, dat die belegger 'n goeie dividendopbrengs op sy kapitaal-uitleg sal kry. Om vas te stel of dit 'n goeie belegging is, kan die dividendopbrengsverhouding vergelyk word met die rentekoerse wat elders verdien kan word.

Die dividende ontvang, is soos reeds gemeld, 'n gedeelte vry van belasting. Hierdie belastingvrye element bring mee dat die dividend se effektiewe opbrengs na belasting heelwat hoër is as die dividendopbrengs (Bylae 7).

Illustrasie 10.

Bylae 7 gee die effektiewe opbrengs wat die drie verskillende belastinggroepe, naamlik R6 000, R15 000 en R28 000 per jaar kan behaal teen verskillende dividendopbrengskoerse. A, b en C met belasbare inkomstes van R28 000, R15 000 en R6 000 sal die volgende effektiewe opbrengste verdien op kapitaal belê in dividenddraende aandele met 'n dividendopbrengs van $7\frac{1}{2}\%$ vir die onderskeie jare 1971 - 1974 :

	<u>1971.</u>	<u>1972.</u>	<u>1973.</u>	<u>1974.</u>
A	12,4%	16,4%	13,9%	12,4%
B	9,2%	9,4%	9,2%	8,9%
C	8,0%	8,2%	8,2%	8,1%

Dit sal meebring dat indien A dieselfde opbrengs wil verdien wat hy op sy aandelebelegging

na belasting verdien, die opbrengs van die belegging voor belasting 12,4% moet beloop. By C is die verskil nie so groot nie, die effektiewe opbrengs beloop slegs 8,1% vir die 1974 belastingjaar. Dividenddraende aandele wat dieselfde opbrengs gee as 'n belasbare belegging voor belasting, sal na belasting 'n hoër opbrengs laat. (eie waarneming)

D. VERSEKERING EN UITTREESKEMAS.

1. VERSEKERING.

Versekering en aftreeskemas het nie direk soveel belang by inkomstebeplanning as wat dit belang het by boedelbeplanning nie. In enige boedel moet daar voorsorg getref word dat die naasbestaande voldoende kontant nalaat om die verpligtinge van die boedel na te kom. Verpligtinge soos die betaling van boedelbelasting, betaling van eise teen die boedel en dies meer.

Kragtens die Inkomstebelastingwet van 1962 is belasting op winste uit sekere versekeringspolisse ingestel (Inkomstebelastingwet van 1962, soos gewysig, sesde bylae). Volgens die Wet word polisse in standaard- en nie-standaardpolisse verdeel en word die vereistes bepaal waaraan standaardpolisse moet voldoen, terwyl belastingbeswarings voorgeskryf word wat op alle nie-standaardpolisse asook op standaardpolisse in 'n vroeë stadium van hulle bestaan van toepassing is.

Polisse ten opsigte van pensioenfondse, voorsorgfondse en aftreejaargeldfondse is nie aan hierdie Wetsbepalings onderhewig nie.

Lewensassuransiepremies kan wel inkomstebelasting vermyding meebring. Die maksimum assuransiekorting toelaatbaar onder die Wet is R400 per jaar (Inkomstebelastingwet van 1962 Art. 5A(3)(d), wat beteken dat premies tot en met R400 afgetrek kan word van die belasbare inkomste. Hier moet in gedagte gehou word dat die kortings verminder met twee rand vir elke R10 wat die belasbare inkomste R5 000 oorskry (Inkomstebelastingwet van 1962, Art. 5A(5)).

Die assuransiekorting vir inkomstebelastingdoeleindes bring mee dat 'n belastingpligte 'n bepaalbare bedrag minder belasting betaal. Die vermindering in belasting is in werklikheid 'n terugbetaling of 'n vermindering in die assuransiepremies betaal. Die voordeel wat die versekerde uitkry, is dat hy 'n groter lewensdekking of 'n hoër uitkeerpolis kry

Illustrasie 11.

Die volgende belastingpligtiges het geen assuransies nie. A, B en C besluit elk om lewens-assuransie uit te neem. Die premies beloop R400 elk per jaar. A, B en C is getroud en elkeen het twee kinders.

	<u>A.</u>	<u>B.</u>	<u>C.</u>
Belasbare inkomste voor assuransiepremies	R28 000	R15 000	R6 000
Grensinkomstebelastingkoers (1972) (Bylae No. 3)	78%	43,5%	22,9%
Assuransiepremies betaal	R 400	R 400	R 400
Vermindering ingevolge Art. 5(A)5	400	330	30
Vermindering in belasbare inkomste	<u>R -</u>	<u>R 70</u>	<u>R 370</u>
Vermindering in belasting	Nul	R 30	R 85
Werklike bedrag vir die versekering betaal.	R 400	R 370	R 315

Uit bogenoemde kan gesien word dat hoe hoër die belasbare inkomste is, hoe minder voordeel kan die belastingpligte uit die assuransiekorting trek. Die rede hiervoor is die vermindering in die korting nadat die belasbare inkomste R5 000 oorskry het, naamlik met R2 vir elke R10 bo R5 000 (Inkomstebelasting wet van 1962, Art. 5A(5). (Eie waarneming)

2. UITTREESKEMAS EN ANNULTEITE.

Bydraes tot annullete en pensioenfondse tot 'n maksimum van R2 000 is 'n aftrekbare uitgawe van belasbare inkomste. Met die 1973-begroting is die bedrag gewysig na R2 500 (Inkomstebelastingwet van 1962, Art. 11(n)). Die toelaatbare aftrekking hou voordele in vir diegene in hoë inkomste-groepe om die eenvoudige rede dat die "Ontvanger van Inkomste" 'n gedeelte van die bydraes betaal.

Illustrasie 12.

A verdien sê R32 000 per jaar. Op die bedrag hoër as R28 000 betaal hy (1973) 72% belasting. Indien hy 'n R2 000 uittredingsannullete uitneem, is die R2 000 aftrekbaar van sy belasbare inkomste en betaal hy op net R30 000 belasting. Op die R2 000 spaar hy dus $72\% \times R2\ 000 = R1\ 440$ aan belasting en die uittredingsannullete kos hom dus net R560.

Met die wysiging in die maksimum toelaatbare aftrekbare bedragna R2 500 in die 1974-belastingjaar, sien dit soos volg uit :

Maksimum skaal beloop 66%.

Indien die persoon sy bydraes dieselfde gehou het, sou die werklike bedrag wat hy uit sy sak moes betaal, verhoog het na R680 (R2 000 - 66% x R2 000)

Indien hy sy bydrae verhoog het na R2 500, is sy werklike bydrae R 850 (34% x R2 500)

"Die Ontvanger se bydrae" - Besparing in belasting	1 650
	<hr/>
	R2 500
	<hr/> <hr/>

Die voordeel wat die belastingpligtige hieruit kry, is nie die R1 650 wat hy aan belasting bespaar nie, maar die voordeel wat hy koop wat R2 500 kos waarvoor hy slegs R850 betaal. Die R2 500 bly en is "out of pocket money". Indien hy die uittredingsannullete nie sou geneem het nie, sou die kontantgeld wat hy sou moes uitgegee het, slegs R1 650 gewees het.

'n Verdere saak wat hier in gedagte gehou moet word, is die effek op die persoon se boedel. Gestel A neem 'n pensioen uit en kort daarna kom hy te sterwe. Sy vrou kry 'n enkelbedrag van R120 000 plus 'n jaarlikse annuïteit van R3 000. Mnr. A se belasbare inkomste tot voor sy dood beloop R30 000. Die annuïteit is belasbaar in die hande van mev. A wanneer sy dit ontvang. Die enkelbedrag word beskou as aan mnr. A toegeval onmiddellik voor sy dood. Van die enkelbedrag is R30 000 belastingvry (as al die bydraes toegelaat is as aftrekking). Op R90 000 (R120 000 - R30 000) moet mev. A boedelbelasting betaal.

Belasting wat hy moet betaal op R30 000 (1973)	R 12 000
Belasting op R90 000 $\frac{12\ 000}{30\ 000} \times 90\ 000$	R 36 000
Die netto waarde van boedel beloop sê	R425 000.

Hierby ingesluit is R120 000 vanaf die pensioenfonds en annuïteit wat gekapitaliseer is oor die toekomstige lewensverwagting van sy weduwee, naamlik R45 000.

Boedelbelasting.

Netto waarde van boedel		R425 000
<u>Kortings.</u>		
Primêre korting	R 25 000	
Eggenote	25 000	
Twee kinders 2 x 25 000	50 000	
Annuïteit	25 000	125 000
		<hr/>
Belasbare bedrag		R300 000
		<hr/> <hr/>
Op R300 000		R 75 750
		<hr/> <hr/>

Bedrag van boedelbelasting wat van die weduwee geëis kan word :

Enkelbedrag	R120 000
Annuïteit	45 000
	<hr/>
	R165 000
<u>Min</u> Korting (neem aan dat daar geen ander assuransie is nie)	25 000
	<hr/>
	R140 000
	<hr/> <hr/>
$\frac{140\ 000}{425\ 000} \times \frac{75\ 750}{1}$	R 19 000
	<hr/> <hr/>

Die belastingbetaling eindig nie hier nie. As gevolg van die pensioen het die totale waarde van die boedel gestyg en is die boedel teen 'n hoër tarief belas. Die verhoogde boedelbelasting as gevolg van die verhoging in die skaal moet ook in berekening gebring word.

Indien die pensioen nie uitgeneem was nie, sou die boedel soos volg daaruit gesien het :

Netto waarde		R425 000
MIN :	Enkelbedrag	R120 000
	Annuliteit	45 000
		<hr/>
		165 000
		<hr/>
		R260 000
		<hr/> <hr/>

Boedelbelasting.

Netto waarde		R260 000
Kortings :	Primêre korting	R 25 000
	Eggenote	25 000
	Twee kinders	50 000
		<hr/>
		100 000
		<hr/>
		R160 000
		<hr/> <hr/>

Boedelbelasting.

Op R150 000		R 30 750
Op R10 000 x 27 $\frac{1}{2}$ %		2 750
		<hr/>
		R 33 500
		<hr/> <hr/>

Totale verhoogde boedelbelasting beloop dus :

Op boedel van R425 000	R 75 750
Op boedel van R260 000	33 500
	<hr/>
	R 42 250
	<hr/> <hr/>

Wat val die weduwee in werklikheid toe?

Enkelbedragopbrengs van pensioen		R120 000
Min Belastings :	Inkomstebelasting	R 36 000
	Boedelbelasting	33 500
		<hr/>
		69 500
		<hr/>
Netto bedrag deur weduwee ontvang		R 50 500
		<hr/> <hr/>

Plus jaarlikse annuliteit van R3 000 waarop sy weer belasting moet betaal.

Dit sal dus voordeliger wees om die volle pensioen in die vorm van 'n annuïteit te neem behalwe vir R30 000 wat vry van belasting is, wat in 'n enkelbedrag geneem moet word.
(Eie waarneming)

E. SAMEVATTING.

Uit die voorafgaande kan daar duidelik gesien word dat die beleggingsmoontlikhede wat die staat daarstel, nie te versmaai is nie; dat die beleggings, belastingbesparende beleggings vir die individu voordele inhou wat nie altyd so duidelik na vore kom nie, as daar net slegs na die rentekoers gekyk word. Versekering en uittredingsannuïteite hou vir die belastingbetaler sekere voordele in, maar dan moet daar versigtigheid aan die dag gelê word, dat die persoon nie 'n slagoffer word van die vele slaggate en vangplekke in die verskeidenheid van assuransiepolisse, uittredingsannuïteite, en dies meer, nie.

HOOFSTUK 6.

INKOMSTEBEPLANNING DEUR MIDDEL VAN MAATSKAPPYE.

A. INLEIDING.

Die gebruikmaking van maatskappye om inkomste- en ook om boedelbeplanning te doen, word vandag al hoe meer gebruik. Soos reeds in hoofstuk 5 gemeld, is die maksimum opbrengs wat op kapitaal voor belasting verkry kan word, nie altyd ook die maksimum opbrengs ná belasting nie. Die oorsake van die verskynsel is reeds in die vorige hoofstuk behandel, dit kom kortliks daarop neer dat belasting vermyding ook die effektiewe opbrengs op kapitaal kan verhoog, so ook kan die vermyding van belasting die netto inkomste na belasting verhoog.

Die metode waarop individue en maatskappye belas word, verskil wesentlik van mekaar. Individue word belas op 'n progressiewe skaal, terwyl maatskappye belas word teen 'n vaste inkomstebelastingkoers; vanaf die eerste rand van belasbare inkomste betaal die maatskappy teen 'n vaste koers inkomstebelasting. As gevolg van hierdie verskil in metode van inkomstebelasting betaling op belasbare inkomste tussen individue en maatskappye, kan die inkomstebepanner deur gebruikmaking van maatskappye die betaling van inkomstebelasting vermy om sodoende sy inkomste te maksimaliseer.

B. BESIGHEIDSONDERNEMINGS.

Hoofsaaklik drie besigheidsondernemingsvorme word aangetref, naamlik :

- eenmansaak
- vennootskap
- maatskappye.

Maatskappye kan weer onderverdeel word in private maatskappye en publieke maatskappye. As gevolg van die regspersoonlikheid, onbeperkte aanspreeklikheid en ander voordele wat 'n maatskappy bied wat die gewone eenmansaak of vennootskap nie het nie, word baie van die ondernemings, naamlik eenmansake

en vennootskappe in die naam van 'n maatskappy gedryf, alhoewel die ondernemings in wese werklik nog 'n eenmansaak of 'n vennootskap is.

1. BASIESE KENMERKE VAN DIE TIPE MAATSKAPPY.

Die basiese kenmerke van die tipe privaat maatskappye is :

- (a) Die aandeelhouders is gewoonlik nie meer as twintig nie. Die persone kon nog as 'n vennootskap handel gedryf het.
- (b) Die aandeelhouders het ook 'n direkte persoonlike belang in die bestuur van die maatskappye en bepaal die beleid van die maatskappy teenoor die aandeelhouer van 'n publieke maatskappy wat op 'n effekte beurs genoteer is, wat gewoonlik slegs geïnteresseerd is in die opbrengs op die kapitale belegging en ook in kapitale groei. As gevolg van die direkte persoonlike belang is die aandeelhouders meestal ook almal direkteure.
- (c) Die uitgerekte aandelekapitaal is gewoonlik 'n minimum en word dan ook gehou in dieselfde verhouding as wat die winsverdelingsverhouding sou gewees het, indien die aandeelhouders in die vorm van 'n vennootskap handel sou gedryf het.
- (d) Die kapitaal wat dan benodig word om mee handel te dryf, word dan deur die aandeelhouders in die vorm van 'n lening in die maatskappy gestort.
- (e) Die werkende direkteure verdien 'n salaris, wat redelik kompetend met salarisse vir gelyke dienste is. Die netto wins wat oorbly, val die aandeelhouders toe in verhouding tot hul aandelebesit, afhangende van die aandeelhouders se persoonlike posisie, word daar dan besluit hoe daar met die winste gehandel sal word, naamlik of die winste in die maatskappy behou sal word en die maatskappy daarop belasting betaal en of die winste verdeel sal word

en die aandeelhouders daarop belasting betaal. Die vermyding van die betaling van inkomstebelasting sal vir die aandeelhouders effektief 'n beter opbrengs gee. Die verskillende metodes wat gebruik kan word om die winste onder die aandeelhouders te verdeel, is die volgende :

- (i) Verklaring van dividende.
- (ii) Betaling van rente op leningsrekeninge.
- (iii) Betaling van direkteursvergoeding.

2. VERKLARING VAN DIVIDENDE.

By publieke maatskappye vind ons die verklaring van dividende 'n algemene verskynsel. Die groot gros van die aandeelhouders in 'n publieke maatskappy beskou die dividend as 'n verdienste op hulle geld wat hulle vir die aandele betaal het. Hierdie maatskappye is dan ook gewoonlik op die Johannesburg effekte beurs genoteer en is die aandele vrylik oordraagbaar. Die aandeelhouders is meestal net gefinteresseerd in sy verdienste op sy belegging, asook op 'n kapitale groei. Ons kry hierdie verskynsel ook by private maatskappye met 'n ledetal van om en by die vyftig, en die kleinere publieke maatskappye. Tussen hierdie genoemde maatskappye en die tipe maatskappy, soos hierbo beskryf, is 'n groot en wesentlike verskil. Die verskil is nie deur die wet daargestel nie, maar deur die aandeelhouders se persoonlike belangstelling en belang in die maatskappye.

By hierdie tipe maatskappy vind ons dan ook dat daar selde 'n dividend verklaar word. Al waarvoor daar wel dividend verklaar word, is om die moontlike betaling van belasting op onuitgekeerde winste vry te spring. Die rede vir die nie-betaling van dividende is : die dividend wat verklaar mag word, kom uit reeds belaste inkomste. Die aandeelhouer word dan weer belas op die dividend wat hy ontvang. Alhoewel 'n gedeelte vrygestel is van belasting, bring dit mee dat die winste wat gemaak is, tweekeer belas word.

Illustrasie 13.

Die winste van A.B.C. (Edms.) Bpk. beloop vir die 1972-belastingjaar R12 000. A, B. en C is die aandeelhouers van die Maatskappy in gelyke dele en wil die netto wins verdeel.

Daar word besluit om 'n dividend te verklaar.

Netto Wins voor belasting	R12 000
Normale belasting teen 40%	4 800
Netto Wins na belasting	R 7 200
Dividend aanbeveel	7 200
	-

Grensbelastingkale vir 1972 (Bylae No. 3) waarteen die aandeelhouers belasting betaal - voor berekening van dividend ontvang, is : (aangeneem)

A	=	78% (R28 000)
B	=	43,5% (R15 000)
C	=	22,9% (R6 000)

	<u>A.</u>	<u>B.</u>	<u>C.</u>	<u>Totaal.</u>
Dividende ontvang	R2 400	R2 400	R2 400	R7 200
1/3 van Dividend vrygestel (Inkomste-belasting wet van 1962, soos gewysig, Art. 19(3))	1 248	712	446	2 406
Op eerste R1 000 (Tabel verhoog in grensbelastingkoers)	1 248	435	229	664
Op tweede R1 000		277	217	494
Netto opbrengs na belasting	<u>R1 152</u>	<u>R1 688</u>	<u>R1 954</u>	<u>R4 794</u>
<u>Persentasie opbrengs na belasting.</u>				
As dividende verklaar en betaal word	28,8%	42,2%	48,8%	39,9%
As winste in maatskappy behou is	60,0%	60,0%	60,0%	60,0%
Min B.O.W.	3,0%	3,0%	3,0%	3,0%
	<u>57,0%</u>	<u>57,0%</u>	<u>57,0%</u>	<u>57,0%</u>

Die persentasie netto opbrengs na belasting wat elk van die aandeelhouders toeval, beloop :

A	=	$\frac{1\ 152}{4\ 000}$	x 100	=	28,8%
B	=	$\frac{1\ 688}{4\ 000}$	x 100	=	42,2%
C	=	$\frac{1\ 954}{4\ 000}$	x 100	=	48,8%
Totaal	=	$\frac{4\ 794}{12\ 000}$	x 100	=	39,9%

Indien die netto wins in die hande van die maatskappy belas sou gewees het, sou die netto opbrengs na belasting 60% beloop het :

$$\frac{7\ 200}{12\ 000} \times 100 = 60\% \quad (\text{Eie waarneming})$$

Uit voorgaande kan afgelei word dat die betaling van dividende 'n duur metode is om die winste in die hande van die aandeelhouders terug te kry. Drie verskillende belastinggroepe is geneem en daar kan gesien word dat die verklaring van dividende vir al drie die groepe die duurste is, omrede die maatskappy en daarna die aandeelhouders weer op dieselfde wins belasting moet betaal. As die winste in die maatskappy behou word en nie deur dividendverklaring na die aandeelhouders toegedeel word nie, baat al die aandeelhouders daarby.

Om die winste in die hande van die aandeelhouders te kry sonder om dividende te betaal en daarop tweekeer belasting te betaal, kan die winste oorgeplaas word en daarby kan die betaling van inkomstebelasting vermy word deur gebruikmaking van die betaling van rente op leningsrekening en betaling van addisionele direkteursvergoeding.

3. BETALING VAN RENTE OP LENINGSREKENING.

Die wesentlike verskil tussen die betaling van rente en dividende, is daarin geleë dat rente 'n eis vorm teen die maatskappy se winste of sy verliese vergroot, terwyl dividende slegs uit winste na belasting, inkomstewinste of kapitaalwinste, indien die statute dit goedkeur, betaal mag word. Die rente wat die maatskappy op leningsrekenings betaal, vorm 'n toelaatbare aftrekking vir inkomstebelastingdoeleindes (Silke, A.S. ; Silke on South African income tax, sewende uitgawe, Juta & Company Limited. 1972; p.217),

terwyl dividende in werklikheid eers uit klaar belaste of uit kapitale winste betaal mag word. Dividende word, soos reeds gemeld, tweekeer belas, eers in die hande van die maatskappy en daarna 'n sekere gedeelte in die hande van die aandeelhouer, terwyl rente slegs eenkeer belas word, naamlik in die hande van die uitlener.

Uit voorgaande is dit duidelik dat die betaling van rente belasting vermydingsvoordele kan inhou. Met die betaling van rente word die winste van die maatskappy verminder en derhalwe ook die inkomstebelasting wat betaal moet word. Die winste word dan weer in die hande van die aandeelhouders belas, deurdat die grootste gedeelte van die kapitaal wat hulle in die maatskappy gestort het in die vorm van 'n lening aan die maatskappy is, waarop die rente betaal word.

Illustrasie 14.


Dieselfde gegewens geld as in Illustrasie no. 13. Die winste van A.B.C. (Edms.) Bpk. beloop vir die 1972-belastingjaar R12 000. A, B en C is die gelyke aandeelhouders in die maatskappy. Die leningsrekening van elkeen beloop R32 000. Om die netto wins gelykop te verdeel, moet rente betaal word teen 'n koers van $12\frac{1}{2}\%$ per jaar.

Netto wins voor rente	R12 000
Rente teen $12\frac{1}{2}\%$	12 000
Netto wins voor belasting	Nul
Belasting	Nul
Netto wins na belasting	Nul

	<u>A.</u>	<u>B.</u>	<u>C.</u>	<u>Totaal.</u>
Rente teen $12\frac{1}{2}\%$	R4 000	R4 000	R4 000	R12 000
Belasting (1972-belastingskale vir individue)	3 120	1 895	1 121	6 136
1ste R1 000		435	229	664
2de R1 000		461	261	722
3de R1 000		487	303	790
4de R1 000		512	328	840
Maksimum tarief	3 120			3 120
Netto opbrengs na belasting	R 880	R2 105	R2 879	R 5 864
Persentasie-opbrengs	22,0%	52,6%	72%	48,9%

Indien die netto wins in die maatskappy belas sou geword het, sou die netto opbrengs na belasting 60% beloop het. Die gemiddelde inkomstegroepe (C) en laer inkomstegroepe baat daarby as die winste in die vorm van rente uitbetaal word en hulle daarop belas word. As die inkomste van die aandeelhouders, wat ook die direkteure is, baie hoog is, is dit verkieslik dat die inkomste belas moet word teen die maatskappy se inkomstebe- lastingskaal. Die vraag ontstaan nou, wanneer en op watter skaal van inkomste is dit verkieslik dat die maatskappy op die winste belas moet word?

Die onderstaande grafiek gee die maatskappy grensinkomstebelastingkromme asook die individuele grensinkomstebelastingkromme aan. Die grensinkomstebelasting beteken die addisionele inkomstebelasting wat betaal moet word op elke addisionele rand van belasbare inkomste.



Tot op die punt waar die individuele grensinkomste-koerse die maatskappy grensinkomste- belastingkoerse van die maatskappy grensinkomstebelastingkromme sny, is die skeidslyn. Indien die individue se belasbare inkomste tussen O B lê, is dit voordelig dat die individu self daarop belasting betaal, dus die maatskappy se inkomste as direkteursvergoeding uit- keer. Indien die belasbare inkomste hoër is as die punt (B), moet die maatskappy op die bedrag hoër as B belasting betaal en die inkomste in die maatskappy behou word, sodoende sal die maksimum voordeel verkry word tussen die individu en die maatskappy.

	<u>Leningsheffing uitgesluit.</u>	<u>Insluitende Leningsheffing.</u>
1970	R18 000	R17 000
1971	R18 000	R17 000
1972	R17 000	R15 000
1973	R15 000	R16 000
1974	R17 000	R18 000

(Eie waarneming)

4. BETALING VAN DIREKTEURSVERGOEDING.

Net soos in die geval van die betaling van rente op leningsrekening, kan daar gebruik gemaak word van die betaling van direkteursfooie om winste tussen die individue en die maatskappy oor te skryf om die gunstigste posisie te verkry. Hierdie metode word veral gebruik waar die winste van die maatskappy hoofsaaklik afhanklik is van die dienste wat die direkteure lewer. Byvoorbeeld professionele dienste wat in die vorm van 'n maatskappy gelewer mag word.

Wat hierdie metode soms meer bruikbaar maak as die betaling van rente op leningsrekening, is daarin geleë dat die leningsrekeninge moontlik te groot word en die rente wat daarop betaalbaar is, te hoog is sodat die individu se belasbare inkomste verby punt B op die grafiek beweeg. Die voordeel wat in belastingvermyding verkry kon gewees het, gaan daarby dan verlore.

C. NADELE VAN DIE METODE.

1. WINSTE VAN DIE MAATSKAPPY.

Die direkteursvergoeding kan nie van jaar tot jaar rondspring soos die maatskappy se winste wissel nie. Indien daar in die jaar 'n netto bedryfswins voor direkteursfooi van R6 000 is en in die daaropvolgende jaar 'n netto bedryfswins voor direkteursfooi van R18 000 is, kan die direkteursfooi volgens die metode nie van een jaar tot die volgende jaar met R12 000 (R18 000 - R6 000) verhoog word nie. Gestel die daaropvolgende jaar is die netto bedryfswins weer R9 000, dan word die direkteursfooi weer verminder na R9 000.

Dit is duidelik dat hier met belastingontduiking te doen is. Die Ontvanger van Inkomste is geregtig om dan die uitgawe nie as 'n toelaatbare uitgawe toe te laat nie. (Inkomstebelastingwet van 1962, soos gewysig, Art. 103(1))

2. REDELIKE VERGOEDING.

Die direkteursvergoeding moet 'n redelike vergoeding wees vir die dienste wat die direkteur vir die maatskappy verrig. Die sekretaris van binnelandse inkomste is geregtig, ingevolge Artikel 11(a) en Artikel 23(g) van die Inkomste-belastingwet om uitgawes wat na sy mening nie vir die voortbrenging van inkomste aangewend is nie, nie toe te laat as aftrekbare uitgawe nie.

Wat 'n redelike vergoeding vir die dienste is, hang van omstandighede af en moet elke saak op sy eie meriete gebaseer word.

Ter verduideliking kan die volgende voorbeeld gestel word :

Mnr. D het 'n familie-maatskappy waaraan hy en sy vrou die aandeelhouders is. Die maatskappy D (Edms.) Bpk. besit 'n gebou wat verhuur word. Die netto bedryfswins voor direkteursfooi beloop R6 000 vir die jaar.

Daar kan nou nie aan mnr. D 'n direkteursfooi van R6 000 verklaar word nie, want mnr. D het nie dienste verrig wat 'n vergoeding van R6 000 werd is nie. Al het hy ook al die invorderings gedoen, is sy dienste nie R6 000 werd nie.

'n Oplossing wat baie gebruik word, is dat die maatskappy rente op die lening aan die aandeelhouer moet betaal. Die rentekoers hang af van die spesifieke omstandighede. Hier duik weer 'n ander probleem op, naamlik dat die rente op die lening meer as die netto bedryfswins kan wees, met die gevolg dat die maatskappy 'n verlies toon, terwyl die aandeelhouders daarop belasting moet betaal.

3. ANDER INKOMSTE.

Indien die direkteur ander inkomste het, moet dit in gedagte gehou word by die bepaling van die direkteursvergoeding of rente op leningsrekening. Wanneer dit veral belangrik is, is wanneer daar meer as een persoon in die maatskappy is, en die winste verdeel word deur middel van die uitkering van direkteursvergoeding of betaling van rente. Meestal het die persone nie dieselfde belasbare inkomste nie. Die gevolg is dat die aandeelhouders met 'n hoër verdienste sal verkies dat die maatskappy op die winste belas word, terwyl

die persoon met lae inkomste sal verkies om self op die wins belas te word.

In illustrasie 14 is dit duidelik dat A en B sal verkies dat die winste in die maatskappy behou moet word, omrede die opbrengs na belasting 60% beloop en as hulle daarop belasting moes betaal het, die opbrengs respektiewelik 22% en 52,6% sou beloop het. Daarteenoor sal C verkies om self op die winste belas te word.

D. SAMEVATTING.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat waar die maatskappy en die aandeelhouers nou aan mekaar verwant is, bied dit vir aandeelhouers en die maatskappy geen voordeel as dividende uitbetaal word, al moet daar selfs belasting op onuitgekeerde winste betaal word. Om die winste na die aandeelhouers oor te plaas, is dit verkieslik om dit te doen deur middel van rente of direkteursfooie, tot op daardie punt waar die individuele grensinkomstebelastingkromme en maatskappy grensinkomstebelastingkromme sny, dit wil sê tot op daardie punt waar die individu op elk van die volgende rand inkomste meer inkomstebelasting sal betaal as wat die maatskappy op die volgende rand inkomste meer inkomstebelasting sal betaal.

HOOFSTUK 7.

ALGEMENE SAMEVATTING.

A. BOEDELBEPLANNING.

1. INLEIDING.

Uit die voorgaande kan die afleiding gemaak word dat boedelbeplanning nie die werk van 'n leek of die gewone man op die straat is nie. Swak inligting of verkeerde informasie kan vir die beplanner duur te staan kom. Indien 'n persoon derhalwe sy boedel wil beplan, is dit raadsaam om met goed gekwalifiseerde persone inaanraking te kom sodat die persone hom kan help met sekere aspekte van boedelbeplanning.

2. STAPPE VIR BOEDELBEPLANNING.

Indien 'n persoon van voorneme is om sy boedel te beplan, is dit raadsaam om die volgende stappe te volg :

(a) Bates.

Verkry 'n lys van alle bates en die huidige waardes daarvan.

Groepeer die bates tussen :

- (i) Onroerende eiendom.
- (ii) Roerende eiendom.
- (iii) Beleggings met onderskeid tussen maklike realiseerbare beleggings en ander.
- (iv) Versekeringspolis en die verwagte opbrengs by dood.
- (v) Besigheidsondernemings.

(b) Laste.

Verkry 'n lys van alle eise, uitstaande krediteure en verskuldigde bedrae teen die boedel.

(c) Boedelbelasting.

Bepaal of die boedel aanspreeklik is vir die betaling van

boedelbelasting en wat die omvang daarvan moontlik sal wees.

(d) Begunstigdes.

Bepaal wie die begunstigdes in die boedel moet wees. Van elke begunstigde moet die volgende inligting verkry word, naamlik ouderdom, geslag, huwelikstatus, kwalifikasies, belangstelling, verantwoordelike finansiële posisie. Hierdie gegewens sal lei om te bepaal watter erfgenaam watter bates gaan erf, ook die wyse waarop die boedel verdeel moet word, en wanneer elke begunstigde sy erfporsie moet kry.

(e) Kontant posisie.

Met die ondersoek van bates moet die kontant posisie ook ondersoek word. Die beplanner moet sorg dra dat genoegsame voorsiening gemaak word vir die betaling van boedelbelasting, boedelberedderingskoste, soos eksekuteursfooie, meestersfooie, en die kleiner ander uitgawes, betaling van krediteure en uitstaande laste, genoeg fondse vir die bates wat hy van plan is om in kontant te bemaak.

(f) Beplanningsmetode.

As al die bogenoemde gegewens verkry is, kan die beplanner bepaal watter boedelbeplanningsmetode gebruik moet word. Indien die boedel redelik omvangryk is, is dit wenslik om die direkte beplanningsmetode te gebruik, so nie kan die uitgestelde beplanningsmetode gebruik word, waar die beplanning eers in werking tree na afsterwe van die beplanner.

(g) Testament.

Nadat vasgestel is watter metode gebruik gaan word, kan die testament opgestel word wat sal voldoen aan die vereistes, soos deur die wet daargestel, en soos behandel in hoofstuk 3.

3. HERSIENING.

Dit is raadsaam vir die beplanner om gereeld, sê elke 4 tot 5 jaar, sy boedel weer te ondersoek en wysigings aan te bring, waar nodig is. In hierdie vinnige snel veranderende wêreld moet alle moontlikhede kort-kort ondersoek word om sodoende nie agter te raak met die tyd nie.

B. INKOMSTEBE PLANNING.

1. INLEIDING.

Waar boedelbeplanning elke 4 tot 5 jaar hersien moet word, moet inkomstebeplanning meer dikwels hersien word en aangepas word, waar nodig. Net soos boedelbeplanning nie die werk van 'n leek is nie, moet die beplanner van sy inkomste die regte persoon wat kennis het van inkomstebeplanning nader.

2. ANDER METODES.

Verskeie ander metodes van inkomstebeplanning is nie bespreek nie, omrede van hierdie metodes moontlike probleme en gevaar inhou. Soos uit die vorige hoofstukke geblyk het, gee die hoogste rentekoers nie altyd die hoogste opbrengs nie. Die besparing van uitgawes verhoog ook die opbrengs van die inkomste. Indien 'n persoon fondse het om te belê, kan die persoon die verpligtinge, soos verbandslenings oor sy woonhuis, afbetaal in plaas van die fondse te belê teen 'n rentekoers of daardie uitgawes wat nie 'n aftrek-bare eis vir inkomstebelastingdoeleindes is nie, te beperk. Hierdeur verdien hy in werklikheid die $9\frac{1}{2}\%$, wat die rente op verbandslenings is, op sy kapitaal, terwyl dit ook nog vry van belasting is. Die gevaar in die metode is dat, indien die persoon die kapitaal weer sou benodig, 'n hervoorskot op die verbandlening aangevra moet word. Omrede hierdie "belegging nie liked is nie, is dit nie 'n baie gewilde metode nie. Maatskappye betaal nie belasting op dividende ontvang nie (Inkomstebelasting wet van 1962, soos gewysig, Art. 10 (k)(i)). As gevolg hiervan kan 'n belegger wat belangstel in dividendopbrengs, die beleggings doen deur middel van 'n maatskappy en sodoende die inkomstebelasting wat hy op die dividend sou betaal het, vermy.

3. SAMEVATTING.

Uit die voorgaande hoofstukke het dit duidelik geblyk dat geen standaard inkomste plan opgestel kan word nie. Elke individu se eie persoonlike omstandighede en bates moet in aanmerking geneem word by die opstel van die inkomste plan. Daar moet ook op gelet word dat die toekoms nie uit die oog verloor moet word nie. Die beplanning van inkomste moet die beplanning van die boedel aanvul.

OPSOMMING IN ENGELS.

ESTATE AND INCOME PLANNING.

Today in the changable world, the rising of production cost and cost of living is a real matter. It becomes necessary for every concern to make a study of his cost - and price policy and the methods how to save on expenditure so that they can make a maximum profit. For the same reason it is necessary for every individual to plan his estate as well as his income, to get the maximum out of his sources and capital.

There is no standard plan for estate planning, due to the fact that in each estate there are different types of assets. Basically there are two types of estate plans. The first is an immediate plan which is implemented during the lifetime of the planner. The second is a deferred plan normally created in a will and which only takes effect after death. All estate plans have about them an element of permanence. They cannot be easily undone once having been established, for this reason the deferred estate plan taking effect after the death is more attractive. The advantages of the immediate plan are that the payment of estate duty can be limited and the estate can be simplify.

Section II of this study deals with the matter of income planning. The various tax free investments and the tax free portion of dividends receive give the investor higher return on his capital employed. This means that the highest interest rate do not always give the highest return after tax. Therefore, it is necessary to determine which type of investment will give the highest return after income tax.

Companies are assess on a fixed rate of tax and individuals on a sliding scale. These different types of assessment can be used for the advertage of the individual. The individual pay income tax on the profit up to the stage where the marginal income tax of the individual is the same as the marginal income tax of the company. After this point the company pays tax on the profits. The methods that are used to transfer the profits to the shareholders are declaring of dividens, payment of interest on loan accounts and payment of directors' emoluments.

BYLAE 1.

SKALE VAN BOEDELBELASTING NA 1 APRIL 1971.

<u>Belasbare bedrag.</u>	<u>Koers.</u>
R0 - R10 000	10%
R10 000 - R25 000	R1 000 + 15% bo R10 000
R25 000 - R50 000	R3 250 + 17½% bo R25 000
R50 000 - R75 000	R7 625 + 20% bo R50 000
R75 000 - R100 000	R12 625 + 22½% bo R75 000
R100 000 - R150 000	R18 250 + 25% bo R100 000
R150 000 - R200 000	R30 750 + 27½% bo R150 000
R200 000 - R250 000	R44 500 + 30% bo R200 000
R250 000 - R300 000	R59 500 + 32½% bo R250 000
R300 000	R75 750 + 35% bo R300 000.

(Wet No. 45 van 1955, soos gewysig, Art. 32)

Om by die belasbare bedrag uit te kom waarop boedelbelasting betaal word, word vanaf die netto waarde van die boedel, soos bereken, die volgende kortings afgetrek :

1. Primêre korting (basies vir elke boedel)	R25 000
2. Vir nagelate eggenoot(te)	R25 000
3. Vir elke lewende kind wat nagelaat word	R25 000 elk
4. Assuransies	R25 000
5. Regeringseffekte tesame met assuransies	R50 000.

BYLAE 2.TOTALE BELASTINGS BETAAL EN GRENSINKOMSTEBELASTINGKOERSE.1 APRIL 1970 TOT 31 MAART 1971.

Belasbare Inkomste	Belasting insluitende leningsheffing		
	Totale Bedrag	% van Inkomste	% Grens- belasting
R	R	%	%
2 000	93	4,65	9,94
3 000	205	6,83	11,76
4 000	322	8,05	13,23
5 000	459	9,18	15,44
6 000	613	10,22	17,64
7 000	789	11,27	19,85
8 000	988	12,35	22,05
9 000	1 208	13,42	24,26
10 000	1 450	14,50	26,46
11 000	1 715	15,59	28,67
12 000	2 002	16,68	30,87
13 000	2 311	17,78	33,08
14 000	2 641	18,86	35,28
15 000	2 994	19,96	37,49
16 000	3 370	21,06	39,69
17 000	3 766	22,15	41,90
18 000	4 184	23,24	44,10
19 000	4 625	24,34	46,31
20 000	5 089	25,45	48,51
21 000	5 575	26,55	50,72
22 000	6 081	27,64	52,92
23 000	6 610	28,74	55,13
24 000	7 162	29,84	57,33
25 000	7 735	30,94	59,54
26 000	8 330	32,03	61,74
27 000	8 947	33,14	63,95
28 000	9 587	34,24	66,15
29 000	10 249	35,34	66,15
30 000	10 910	36,37	66,15
31 000	11 572	37,33	66,15
32 000	12 233	38,23	66,15
33 000	12 895	39,08	66,15
34 000	13 556	39,87	66,15
35 000	14 218	40,62	66,15

(Eie waarneming)

BYLAE 3.

TOTALE BELASTINGS BETAAL EN GRENSINKOMSTEBELASTINGKOERSE.

1 APRIL 1971 TOT 31 MAART 1972.

Belasbare Inkomste	Belasting insluitende leningsheffing		
	Totale Bedrag	% van Inkomste	% Grens- belasting
R	R	%	%
2 000	90	4,50	14,2
3 000	232	7,73	12,3
4 000	355	8,88	14,1
5 000	496	9,92	17,2
6 000	668	11,13	22,9
7 000	897	12,81	26,1
8 000	1 158	14,48	30,3
9 000	1 461	16,23	32,8
10 000	1 789	17,89	33,5
11 000	2 124	19,31	33,3
12 000	2 457	20,48	35,9
13 000	2 816	21,66	38,4
14 000	3 200	22,86	40,9
15 000	3 609	24,06	43,5
16 000	4 044	25,28	46,1
17 000	4 505	26,50	48,7
18 000	4 992	27,73	51,2
19 000	5 504	28,97	53,7
20 000	6 041	30,21	66,7
21 000	6 708	31,94	59,8
22 000	7 306	33,21	62,4
23 000	7 930	34,48	65,0
24 000	8 580	35,75	67,6
25 000	9 256	37,42	70,2
26 000	9 958	38,30	72,8
27 000	10 686	39,58	75,4
28 000	11 440	40,86	78,0
29 000	12 220	42,14	78,0
30 000	13 000	43,33	78,0
31 000	13 780	44,45	78,0
32 000	14 560	45,50	78,0
33 000	15 340	46,48	78,0
34 000	16 120	47,41	78,0
35 000	16 900	48,29	78,0
36 000	17 680	49,11	78,0

(Eie waarneming)

BYLAE 4.

TOTALE BELASTINGS BETAAL EN GRENSINKOMSTEBELASTINGKOERSE.

1 APRIL 1972 TOT 31 MAART 1973.

Belasbare Inkomste	Belasting insluitende leningsheffing		
	Totale Bedrag	% van Inkomste	% Grens- belasting
R	R	%	%
2 000	90	4,5	13,8
3 000	228	7,6	12,0
4 000	348	8,7	13,2
5 000	480	9,6	17,7
6 000	657	10,95	21,1
7 000	868	12,40	22,5
8 000	1 093	12,41	29,9
9 000	1 392	15,47	31,2
10 000	1 704	17,04	28,8
11 000	1 992	18,11	31,2
12 000	2 304	19,20	33,6
13 000	2 640	20,31	36,0
14 000	3 000	21,43	38,4
15 000	3 384	22,56	40,8
16 000	3 792	23,70	43,2
17 000	4 224	24,85	45,6
18 000	4 680	26,0	48,0
19 000	5 160	27,16	50,4
20 000	5 664	28,32	52,8
21 000	6 192	29,49	55,2
22 000	6 774	30,65	57,6
23 000	7 320	31,83	60,0
24 000	7 920	33,0	62,4
25 000	8 544	34,18	64,8
26 000	9 192	35,35	67,2
27 000	9 864	36,53	69,6
28 000	10 560	37,71	72,0
29 000	11 280	38,90	72,0
30 000	12 000	40,0	72,0
31 000	12 720	41,03	72,0
32 000	13 440	42,0	72,0
33 000	14 160	42,91	72,0
34 000	14 880	43,76	72,0
35 000	15 600	44,57	72,0

(Eie waarneming)

BYLAE 5.

TOTALE BELASTINGS BETAAL EN GRENSINKOMSTEBELASTINGKOERSE.

1 APRIL 1973 TOT 31 MAART 1974.

Belasbare Inkomste	Belasting insluitende leningsheffing		
	Totale Bedrag	% van Inkomste	% Grens- belasting
R	R	%	%
2 000	90	4,50	11,9
3 000	209	6,96	11,0
4 000	319	7,97	12,1
5 000	440	8,80	15,2
6 000	592	9,86	20,4
7 000	796	11,37	21,4
8 000	1 010	12,63	26,6
9 000	1 276	14,18	28,6
10 000	1 562	15,62	26,4
11 000	1 826	16,60	28,6
12 000	2 112	17,60	30,8
13 000	2 420	18,62	33,0
14 000	2 750	19,64	35,2
15 000	3 102	20,68	37,4
16 000	3 476	21,73	39,6
17 000	3 872	22,78	41,8
18 000	4 290	23,83	44,0
19 000	4 730	24,89	46,2
20 000	5 192	25,96	48,4
21 000	5 676	27,03	50,6
22 000	6 182	28,10	52,8
23 000	6 710	29,17	55,0
24 000	7 260	30,25	57,2
25 000	7 832	31,33	59,4
26 000	8 426	32,41	61,6
27 000	9 042	33,49	63,8
28 000	9 680	34,57	66,0
29 000	10 340	35,66	66,0
30 000	11 000	36,66	66,0
31 000	11 660	37,61	66,0
32 000	12 320	38,50	66,0
33 000	12 980	39,33	66,0
34 000	13 640	40,12	66,0
35 000	14 300	40,86	66,0

(Eie waarneming)

BYLAE 6.

SKEDULE VAN EFFEKTIEWE OPBRENGS OP RENTE ONTVANG OP VERSKILLENDE INKOMSTEGROEPE
VIR VERSKILLENDE BELASTINGJARE.

Jare	1971			1972			1973			1974		
	R	R	R	R	R	R	R	R	R	R	R	R
Belasbare Inkomste	6 000	15 000	28 000	6 000	15 000	28 000	6 000	15 000	28 000	6 000	15 000	28 000
Grensbelastingkoers	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
	17,6	37,5	66,2	22,9	43,5	78,0	21,1	40,8	72,0	20,4	37,4	66,0
Belastingvrye rentekoers :												
4%	4,9	6,4	11,8	5,2	7,1	18,2	5,1	6,8	14,3	5,0	6,4	11,8
4½%	5,5	7,2	13,3	5,8	8,0	20,5	5,7	7,6	16,1	5,6	7,2	13,2
5%	6,1	8,0	14,8	6,5	8,8	22,7	6,3	8,4	17,9	6,3	8,0	14,7
5½%	6,7	8,8	16,3	7,1	9,7	25,0	7,0	9,3	19,6	6,9	8,8	16,2
6%	7,3	9,6	17,8	7,8	10,6	27,3	7,6	10,1	21,4	7,5	9,6	17,6
6½%	7,9	10,4	19,2	8,4	11,5	29,5	8,2	11,0	23,2	8,2	10,4	19,1
7%	8,5	11,2	20,7	9,1	12,4	31,8	8,8	11,8	25,0	8,8	11,2	20,6
7½%	9,1	12,0	22,2	9,7	13,3	34,0	9,5	12,7	26,8	9,4	12,0	22,1

(Eie waarneming)

BYLAE 7.

SKEDULE VAN EFFEKTIEWE OPBRENGS OP DIVIDENDE OP VERSKILLENDE INKOMSTEGROEPE
VIR VERSKILLENDE BELASTINGJARE.

Jare	1971			1972			1973			1974		
	R 6 000	R 15 000	R 28 000	R 6 000	R 15 000	R 28 000	R 6 000	R 15 000	R 28 000	R 6 000	R 15 000	R 28 000
Belasbare Inkomste												
	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
Grensbelastingkoers	17,6	37,5	66,2	22,9	43,5	78,0	21,1	40,8	72,0	20,4	37,4	66,0
Dividende :												
1%	1,1	1,2	1,7	1,1	1,3	2,2	1,1	1,2	1,9	1,1	1,2	1,6
2%	2,1	2,5	3,3	2,2	2,5	4,4	2,2	2,5	3,7	2,2	2,4	3,3
3%	3,2	3,7	4,9	3,3	3,8	6,5	3,3	3,7	5,6	3,3	3,6	4,9
4%	4,3	4,9	6,6	4,4	5,0	8,7	4,4	4,9	7,4	4,3	4,8	6,6
5%	5,4	6,1	8,3	5,5	6,3	10,9	5,4	6,2	9,3	5,4	6,0	8,2
6%	6,4	7,4	9,9	6,6	7,5	13,1	6,5	7,4	11,1	6,5	7,2	9,9
7%	7,5	8,6	11,6	7,7	8,8	15,3	7,6	8,6	13,0	7,6	7,4	11,5
7½%	8,0	9,2	12,4	8,2	9,4	16,4	8,2	9,2	13,9	8,1	9,0	12,4

(Eie waarneming)